# HOOFSTUK 4

# KOLONIALISME EN POSTKOLONIALISME

## 4.1 INLEIDING

Die begrip *postkolonialisme* kan vereenvoudig word na dít wat volg op die kolonialisme. Die postkolonialisme strek egter veel verder as wat die voorvoegsel *post-* aandui. Volgens Louise Viljoen (1996:159) suggereer die gebruik van hierdie voorvoegsel " 'n temporele breuk, opvolging en selfs vervanging wat impliseer dat die postkolonialisme gelees kan word as 'n verwysing na dit wat volg ná die kolonialisme".

Aldus Van der Merwe en Viljoen (1998:167) hou "[p]ostkolonialisme [...] dus sowel die ontkenning as die noodwendige voortsetting van kolonialisme in". In *The Empire Writes Back* (1989) is Ashcroft, Griffiths en Tiffin van mening dat postkolonialisme gelees moet word as 'n ondermyning van die kolonialisme eerder as 'n opvolging daarvan.

Die begrip *kolonialisme* word gewoonlik geassosieer met 'n proses van verandering en is deur politici en skrywers gebruik wat gekant was teen die Westerse koloniale beheer in Afrika en Asië. De Klerk (1988b:537) wys daarop dat die term *kolonialisme* "tans algemeen deur wetenskaplikes aangewend [word] om die hele verskynsel van koloniale beheer van een groep oor 'n ander en van onderhorigheid van een groep aan 'n ander te omskryf".

HAT (1994: 557) omskryf die term *kolonialisme* as die "[e]konomiese, politieke en maatskaplike beleid waardeur 'n groot moondheid sy kontrole oor landstreke en volke handhaaf of uitbrei, beleid waardeur kolonies verkry en behou word".

Dit is egter ook duidelik dat daar verskillende standpunte bestaan oor die begrip *kolonialisme*. Die werklikheid is dat kolonialisme plaasgevind het en dat dit gevolge het, en daarom kan selfs 'n uitvoerige bespreking daarvan nie die omvang van kolonialisme saamvat nie. Omdat kolonialisme so 'n drastiese verandering op verskeie gebiede meegebring het, is dit nodig om tog vas te stel of kolonialisasie vooruitgang of agteruitgang in gekoloniseerde lande gebring het, en of dit as 'n positiewe of negatiewe verskynsel gesien moet word. (De Klerk, 1989:253)

## 4.2 KOLONIALISME: KULTUUROORDRAG EN ONTWIKKELING

Omdat kolonialisme oor die algemeen beskou word as die koloniale beheer van een groep oor 'n ander, is kolonialisme 'n algemene verskynsel in die wêreldgeskiedenis wat noodsaaklik was in die proses van historiese ontwikkeling. De Klerk (1989:265) is van mening dat kolonialisme "nie sonder meer as 'n vorm van onreg of verdrukking veroordeel [kan] word nie", maar dit "beteken [...] nie dat alle vorme en gevalle van koloniale oorheersing aanvaarbaar is nie".

Omdat daar gedurig kultuuroordrag en -verandering tydens kolonialisasies plaasvind, bly die leefwyse van geen gemeenskap ooit presies dieselfde nie en daarom speel tradisie en kontinuïteit 'n

belangrike rol in enige land se geskiedenis. Feitlik geen gemeenskap, stam of volk het waarskynlik ooit vir 'n baie lang tyd in totale isolasie van ander groepe geleef nie. Daar was noodwendig kontak, hoe beperk dit ook al was.

In prosesse van kultuuroordrag en –verspreiding wat op verskillende wyses geskied het, het kultuurvorme ook verlore gegaan, soms deur veroweraars wat kulture byna heeltemal vernietig het, soms deur handelaars wat van een gemeenskap na 'n ander gereis het om goedere te ruil, of deur emigrasie van lede van een gemeenskap na die gebied van 'n ander groep. Dikwels is ou kultuurvorme vrywillig laat vaar ten gunste van nuwe vorme, en tradisionele godsdienste het geleidelik tot verval gekom en uiteindelik het veral die Christendom veld gewen.

Moderne Westerse kolonialisme, saam met ander vroeëre koloniale prosesse, het daartoe bygedra dat isolasie tussen groepe verbreek is, en dat die kultuur van gemeenskappe beïnvloed en omvorm is. Sodoende het kultuurwisseling plaasgevind. Die inwoners van Afrika was van dié wat in 'n groter mate deel aan die Westerse kultuur gekry het en sommige inheemse kulture het verswak en selfs tot niet gegaan.

### 4.3 KOLONIALISME EN MAGSVESTIGING

Koloniale magsvestiging bring mee dat 'n nuwe sosiale orde gevestig word wat hoofsaaklik 'n superstruktuur is wat bo-oor bestaande

stelsels ingestel word. Dit is in sommige gevalle grotendeels 'n voortsetting van 'n vroeëre koloniale struktuur, sodat die leefwyse van die inwoners nie ingrypend verander word nie. Omdat daar in 'n koloniale opset meestal duidelike verskille tussen die onderhorige en die dominerende kulture bestaan, kan konflikte voorkom. Die vernaamste gesag berus egter by die koloniseerders wat soms van die gekoloniseerde inwoners betrek by die gebied (De Klerk, 1988b:542, 543).

In koloniale samelewings waar ingrypende veranderinge voorkom met betrekking tot die gekoloniseerdes se tradisionele leefwyse, kultuur en etniese bande wat ontwrig word, ontstaan spanning. Soms misluk die pogings van die gekoloniseerdes om die leefwyse van die koloniste oor te neem as gevolg van eie onvermoë of die afwysende houding van die koloniste. Hierdie onvermoë van die gekoloniseerdes om aan te pas by die leefwyse van die koloniste lei dikwels tot frustrasie by die gewoonlik meer opgevoede en ontwikkelde mense onder die gekoloniseerdes.

Die onvermoë om aan te pas by die nuwe sosiale orde lei daartoe dat versetbewegings teen die koloniale owerhede gestig word. Sulke organisasies beywer hulle vir die verwesenliking van die groepstrewe, wat verset teen die koloniale owerheid insluit. Die besetting van die diamantvelde deur die Britse owerheid in 1877 is 'n voorbeeld hiervan. Die verset teen die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche republiek het gelei tot 'n sterk gevoel van samehorigheid en 'n bewuswording van

eie identiteit en nasieskap en het die Eerste Vryheidsoorlog van 1880-1881 tot gevolg gehad (Kannemeyer, 1978:42). De Klerk verduidelik hierdie tipe situasie soos volg:

> Wanneer 'n algemene groeps- of nasionale bewussyn onder 'n gekoloniseerde bevolking posgevat het, lei dit tot die vorming van organisasies wat hulle beywer vir die verwesenliking van die groepstrewe, wat onvermydelik verset teen die koloniale owerheid inhou. Waar die koloniale owerheid die vorming van politieke organisasies onder die gekoloniseerdes verbied, word die nasionale strewe soms in godsdienstige beweginge gekanaliseer.

Nog 'n voorbeeld van verset is die separatistekerke wat in Afrika gedurende die koloniale tyd ontstaan het en wat ook 'n verset teen die koloniale gesag verteenwoordig het.

Die koloniale proses gaan soms - dikwels revolusionêr - oor na 'n na-koloniale tydperk, of vir hierdie doel, die postkoloniale tydperk. In baie gevalle was die koloniseerders se kultuur invloed egter reeds so groot dat dit nie meer ongedaan gemaak kon word nie. Sekere elemente bly behoue en is soms nog etlike eeue aanwesig.

## 4.4 POSTKOLONIALISME

Volgens Philip John (1994:86) is "postkolonialisme [...] 'n oneindig komplekse versameling teorieë en analises wat ontwikkel het in reaksie op die kulturele nalatenskap van kolonialisme en veral die daaropvolgende dekolonisering".

Die term *postkolonialisme* kan "gebruik word as benaming vir kulture wat ingrypend beïnvloed is deur Westerse kolonisering. Dit dui dan op 'n soort kruis-kulturele kritiek wat in die afgelope jare ontwikkel het en

vir die diskoers wat daardeur tot stand gebring word" (Van der Merwe & Viljoen, 1998:167).

Ashcroft, Griffiths en Tiffin (1995:2) beskryf die terrein van die postkolonialiteit soos volg:

> Postcolonial theory involves discussion about experiences of various kinds: migration, slavery suppression, resistance representation, difference, race, gender, place and responses to the implicated master discourse of Imperial Europe.

Volgens Van der Merwe en Viljoen (1998:167) is postkolonialisme "op sy beurt totaliserend hegemonieel en wis [dit] plaaslike uniekhede en uiteenlopende plaaslike historiese ontwikkelings uit ter wille van die idee van 'n homogene globale teorie van Postkolonialisme".

In *The Empire Writes Back* (1989:2) is Ashcroft, Griffiths en Tiffin van mening dat 'n definisie van postkolonialisme eerder gelees moet word as 'n ondermyning van die kolonialisme as 'n opvolging daarvan. Tog is talle kommentators dit eens dat postkolonialisme reeds van die begin van kolonisering teenwoordig is in verskeie kultuurprodukte wat dui op 'n soort spanningsverhouding met die imperiale mag.

Indien kolonialisme gelees word as die manier waarop 'n ongelyke internasionale verhouding van ekonomiese, politieke, militêre en kulturele mag in stand gehou word, is die koloniale tydperk nog nie verby nie en kan daar dus nie werklik sprake wees van 'n postkoloniale situasie in dié sin van die woord nie.

Met verwysing na 'n waarskuwing van McClintock (1993:293), skryf Louise Viljoen (1996:159):

> dat die onnadenkende gebruik van die term postkolonialisme dikwels neerkom op 'n voortydige viering van die afloop van kolonialisme sowel as 'n vertroebelde sig op die kontinuïteite en diskontinuïteite van koloniale en imperiale mag

en voeg by dat dit besonder tydig is in die geval van die Suid-Afrikaanse situasie. Die enkele teorie van die postkolonialisme in die Afrikaanse letterkunde moet eerder vervang word deur "histories genuanseerde teorieë en strategieë" (Viljoen, 1996:159).

Reeds in 1991 reeds skryf André P. Brink dat ons in Suid-Afrika nie met 'n gewone postkoloniale situasie te doen het nie.

> As die (blanke) Afrikaner hom enersyds - o.a. juis in sy literatuur - moes ontvoog van imperiale beheer van "buite", het hy op sy beurt koloniserend opgetree t.o.v. inheemse swart kulture en "orature" [...] sodat dit (die gewone postkoloniale situasie) nie sonder meer uit ander postkoloniale "modelle" verklaar kan word nie. Die prosesse van dekolonisering is naamlik (nog) nie enduit gevoer nie. [...] Ons bevind ons nie in 'n postrevolusionêre situasie nie (nie in die politiek en nie in die literatuur nie), maar in 'n situasie van 'n "gekeerde" ("gearresteer-de') revolusie. Dit beteken dat baie magte wat hulle histories in so 'n ontwikkelende situasie sou uitgewoed het en hul eie logika sou deurgevoer het, nou (voorlopig) gestuit is. (Brink, 1991:4-8)

Brink het hierdie artikel geskryf voor die politieke veranderinge in Suid-Afrika en hy was sterk onder die indruk daarvan dat Suid-Afrika op die vooraand van radikale veranderinge gestaan het. Brink volstaan egter nie met die uitsprake nie. Hy besef dat daar baie verskillende moontlikhede bestaan vir verdere ontwikkelinge en maak dan die volgende stelling: "In die lig van dit alles mag mens jou dit veroorloof om, met groot omsigtigheid, enkele moontlikhede uit te

stippel omtrent wat ons sou kon verwag." (Brink,1991:9.) Van die dinge wat Brink voorsien in die literatuur, is:

> 'n hersiening - 'n verbreding en komplisering - van die begrip wat aan 'n groter besef van Suid-Afrikaansheid sou kon uiting gee. Dus nie so seer die afbaken van "ek" *teenoor* "ander" nie as die herkénning van die self *in* die ander, en omgekeerd (Brink, 1991:9).

Die einde van die koloniale fase in Suid-Afrika breek letterlik en histories gesproke aan in 1994 met die eerste demokratiese verkiesing. Louise Viljoen (1996:164) merk op dat dit moeilik is om te voorspel hoe die postkolonialisme in die toekoms gaan manifesteer in die Afrikaanse letterkunde. Tog is sy van mening dat "[i]n die geval van die Afrikaanse letterkunde [...] dit inderdaad [lyk] asof die postkolonialisme 'n heterogene kategorie is, voortdurend in die proses van verandering en steeds besig om sy eie definisies te herskryf" (Viljoen, 1996:164).

### 4.4.1 POSTKOLONIALISME EN DIE AFRIKAANSE LITERATUUR

Net soos die Afrikaanse taal, is die Afrikaanse letterkunde tegelyk 'n ondersteuner van die Afrikanernasionalisme én die draer van verset teen die mag van daardie nasionalisme. In terme van die Afrikaanse letterkunde moet postkolonialisme gesien word vanuit "die perspektief van ambivalensie [eerder] as eenstemminge sekerheid en vanuit die perspektief van heterogeniteit eerder as homogeniteit" (Viljoen, 1998:7).

Die begrip *postkolonialisme* binne die Afrikaanse literêre diskoers bly dus 'n moeilik omskryfbare begrip omdat 'n magdom verskillende

benaderingswyses en 'n veelheid van aksente in hierdie diskoers figureer. Meintjes (1998:33) is van mening dat wanneer tekste wat koloniale onderdrukking, patriargale magstrukture en rassisme blootlê, gelees word, die leeshandeling self deel van die postkolonialiteit is: "Deur middel van dié soort leeshandeling kan die '[...] voices of the oppressed, the marginalised and the disposessed' gedekodeer word." Vir Philip John (1994:86) is "[d]ie postkolonialisme [...] 'n oneindige komplekse versameling teorieë en analises wat ontwikkel het in reaksie op die kulturele nalatenskap van kolonialisme en veral die daaropvolgende dekolonisering".

Dit is vervolgens nodig om 'n oorsig te gee van 'n aantal relevante tekste waarin die proses van dekolonisering bespeur word.

Terwyl die literatuur hom probeer ontworstel het aan die koloniale invloede, het die Afrikaanse literatuur as spreekbuis gedien vir die uiting van die inheemse kultuur. In kontras met die nuwe dominante kultuur wat afgedwing is op die inheemse kultuur, wys Brink (1991:5) op die onverstaanbare "*stiltes* wat daar in die literatuur ontstaan het rondom die ongesegde, die onsegbare". Die subtiele rassisme is opvallend in "dit wat in die literatuur *verswyg* word" (Brink, 1991:5). Die Afrikaanse literatuur het die inheemse bevolkings "eenvoudig grootliks *weggedink* uit ons bestaan uit" (Brink, 1991:6).

Dit is egter interessant dat hierdie situasie heeltemal verander het, deurdat diegene wat vroeër ontneem is van hul taal, weer Afrikaans vir hulleself begin toeëien het. Mense soos Petersen, Blum en Adam

Small het van Afrikaans 'n volwaardige literêre instrument gemaak in die *struggle.* Vanaf die sestigerjare het die Afrikaanssprekendes van verskillende rasse hul toenemende verset teen die apartheidsregime in die Afrikaanse letterkunde geregistreer.

Van Rensburg (in Malan, 1987:82) noem dat kleurlingskrywers reeds in die vyftigerjare na vore gekom het met geskrifte waarin hulle hul verbittering oor "die vloekstraf van 'n donker huid" uitspreek. S.V. Petersen se werke *Die Enkeling* (1944) en *Die Stil Kind* (1948) word in die sestigerjare opgevolg deur werke van Adam Small. In Small se drietal bundels *Kitaar my kruis* (1961), *Sê sjibbolet* (1963) en *Oos wes tuis bes Distrik Ses* (1973) staan die "kleur"-aktualiteit sentraal, asook die digter se verbittering teen die onchristelikheid van die apartheidsbeleid.

Dekolonisering het dus nie net in die gedeelte van die bevolking plaasgevind wat hul taal "teruggeneem" het van 'n oorheerser nie, maar 'n proses van dekolonisering het weerskante toe begin werk. Die proses het nie sonder meer ge'approprieer' nie, "maar ook oor en weer begin deel, en gee" (Brink, 1991:7).

In *Groot Vyf* (1997) oorbrug Johann Botha die afstand subtiel deur die prosesse van politieke progressie te beskryf. In die eerste hoofstuk word 'n swart man terloops genoem as die handlanger van 'n veldwagter. Die tweede verhaal speel af kort voor die verkiesing van 1994 en handel oor 'n polities korrek gekose groepie baie belangrike persone. Een van die karakters sê: "Goddank, politiek is verboten op

dié trippie" (30), maar daar is tog die immer teenwoordige sensitiwiteit oor die politieke situasie. In die laaste verhaal is 'n swart man die nuwe hoof van die Krugerwildtuin (211). Barrie Hough (1998:26) maak die volgende uitspraak in 'n resensie oor *Groot Vyf*: "Tussendeur die oënskynlike gemaklike en kleurblinde geselskap en kommunikasie deur bly mense tog maar bewus van hoe dinge was en huigel hulle met gekamoefleerde houdings." Hough (1998:26) maak ook die volgende stelling: "Almal speel die nuwe sosiale en politieke speletjie, maar kan 'n luiperd se kolle verander?"

Volgens Van Coller (1995:47) het "die begrip *demokrasie* in die eietydse Suid-Afrika egter heelwat implikasies". Van Coller is van mening dat die letterkunde "gesien [word] as 'n term wat slaan op estetiese produkte" (1995:47). Die mag van die letterkunde moet nogtans nie onderskat word nie. Dit is in werke soos *Groot Vyf* (1997) wat die skrywers die geleentheid kan gebruik om die leser te kondisioneer en bekend te stel aan die heersende tydperk van veranderinge.

'n Roman wat binne 'n postkoloniale raamwerk gelees kan word, is *Vatmaar* (1995) van A.H.M. Scholtz. Hierdie roman is postkoloniaal in die letterlike sin omdat dit in 1995 verskyn het, nadat Suid-Afrika finaal bevry is van wit oorheersing. Verder is die roman ook postkoloniaal in die sin dat dit handel oor die eerste drie dekades van hierdie eeu. Dit begin by die einde van die Anglo-Boereoorlog en die vestiging van die Britse bewind oor die hele Suid-Afrika. Voorts is die skrywer 'n bruin man wat die verhaal vertel vanuit die perspektief van

die eertydse gekoloniseerdes. Die karakters is bruin mense wat oorheers word deur die Britte en die Afrikaners wat self gekoloniseerd voel na die Anglo-Boereoorlog. Die verhaal teken die verhouding met die blanke oorheersers en beskryf die subtiele standsverskille wat binne die bruin sowel as wit groepe bestaan op grond van taal, herkoms en voorkoms.

Die ontstaansgeskiedenis van *Vatmaar* (1995) sluit aan by die post-koloniale inhoud van die boek. Die Afrikaanse verhaal is eers in Engels geskryf en weer terugvertaal in Afrikaans en as 'n geskrewe Afrikaanse teks gepubliseer. Scholtz vertel dat hy deel was van 'n Afrikaanse gemeenskap wat slegs in Engels onderrig is en sê: "Deur apartheid is ek van Afrikaans as skryfmedium beroof." (Meintjes, 1998:31.) Die roman kyk vanuit die perspektief van 'n bruin Afrikaanssprekende na die politisering van Afrikaans, die klasverskil tussen Afrikaans- en Engelssprekendes en die Afrikaners se geleidelike toe-eiening van Afrikaans vir hulleself om hul nasionalistiese doelwitte te bevorder.

## 4.5 ETNISITEIT IN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE

Daar is verskillende standpunte oor etnisiteit in die Afrikaanse letterkunde waaraan kortliks aandag gegee sal word. Volgens Van Rensburg (1987:77) "word die begrip 'etnisiteit' gehanteer as *bewustheid* van ras by die vertelinstansie, of die vertelinstansie nou ook al die konkrete outeur (die skrywer) is, of die ek-leweraar wat hy as 'spreekbuis' gebruik. Die mees voorkomende gestalte waarin etnisiteit hom openbaar (in die Afrikaanse letterkunde), is dié van 'n vertelinstansie wat stelling inneem op die 'self'-pool van die

onderskedingspaar 'self'/'ander', en wat 'die ander' van dáár uit beleef. Dié self kan blank, gekleurd, swart, 'geel' of watter ander 'raskleur' ook al wees." (Van Rensburg, 1987:77.) Vergelyk in hierdie verband ook Viljoen (1998:74) wat aanbeveel dat daar in terme van die Afrikaanse letterkunde in die postkoloniale sin gekyk word vanuit die "perspektief van heterogeniteit eerder as homogeniteit".

Volgens Gerwel in (1987:92) is

> [d]ie verhoudings-kwessie [...] sedert die eerste ontmoeting tussen "blank" en "nie-blank" as twee vreemde magte, met die een as koloniseerder en die ander as gekoloniseerde, in die Suid-Afrikaanse situasie ingebou, [...] en dit kan aangeneem word dat opvattinge oor kleur en kleurverhoudinge 'n belangrike element in die wêreldbeskouing van die Afrikaners vorm, waardeur dit dan weer uitdrukking vind in die letterkundige voortbrengsels van die groep.

Die Afrikaanse letterkunde het volgens Gerwel (1987:93) reeds van vroeg af 'n geokkupeerdheid vertoon met die uitbeelding van "gekleurdes" en hierdie pre-okkupasie is deurlopend volgehou. Selfs in die Sestigertydperk toe die prosa hom weggedraai het van die Suid-Afrikaanse aktualiteit, was daar steeds werke wat die "nie-blanke tema" behandel het.

Gerwel (1987:91) voer aan dat daar duidelike tekens was dat die

> Afrikaanse literatuur mede-draer was van die waardes, houdinge, konsepsies en groepsdefinisies wat uiteindelik in 1948 en sedertdien beslag sou kry in die beleid van Apartheid, spesifiek soos dit die gekleurde bevolkingsgroep betref.

Roos (1989:47) is van mening dat die

> uitbeeldeing van die swart mens as 'n andersoortige karakter, ná die sestigerjare geleidelik vervaag het. Die Afrikaanse letterkunde het al hoe losser begin raak van groepsgebonde, partypolitieke konvensies. Sonder om dalk die ironiese implikasies van sy uitspraak te besef, beweer Van Rensburg (1971:30) dat "na gelang die nieblanke 'n faktor in landspolitiek geword het, het hy sy neerslag in die letterkunde gekry".

In *Ras en Literatuur* (1987:78) is Van Rensburg van mening dat die geskiedenis van die etniese tema in die Afrikaanse letterkunde 'n geskiedenis is van toenemende ontmoeting en wegbeweeg van die tyd toe die bruin en swart man bloot figurante of vullers van die situasie was. Daar het geleidelik 'n meer sensitiewe en meer geskakeerde hantering van die tema van "die gekleurde" in die Afrikaanse prosa ingetree. Vir 'n vollediger begrip van etnisiteit in die Afrikaanse letterkunde is dit daarom noodsaaklik om kortliks die fases van ontwikke- ling van die etnisiteit in die Afrikaanse letterkunde weer te gee.

### 4.5.1 ONTWIKKELINGSFASES VAN ETNISITEIT IN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE

Vroeër is daar in die letterkunde aan die bruin man die beeld van koddigheid en aan die swart man dié van dreiging toegedig. Toe die kleurlinge as 'n onderskeie tipe begin losraak het van die inheemse bruin mense, was daar dramatiese ontginningsmoontlikhede van die kleurlingtema in die Afrikaanse literatuur. Die kleurlinge het mettertyd gegroei van omlystingsfigure tot sentrale figure (Van Rensburg, (1987:80).

Reeds in 1924 het Mikro die kleurling as individu gebruik in die *Toiings*-trilogie (1924-1928.) Die tema is die ontwikkelde kleurling as

onderwyser en digter in *Die Koperkan* (1959). Hierin word die skrynende toestande wat as gevolg van die apartheidswetgewing ontstaan het, in die ervarings van 'n kleurlingonderwyser en -digter beliggaam (Kannemeyer 1978:348).

In André P. Brink se *Kennis van die Aand* (1973) word die kleurling meerdimensioneel uitgebeeld. Die kleurlingkarakter word hier 'n voorbeeld van die nuwe kleurlingfiguur in 'n roman wat deur Gerwel (1987:99) beskou word as "Afrikaans se eerste uitdruklike politieke roman". Ook in *Magersfontein, o Magersfontein* (1976) word op skrynende wyse al die dilemmas van die Suid-Afrikaanse gemeenskap in verband met die kleurling blootgelê (Van Rensburg, 1987:83).

Swart mense het in verhale voorgekom as randfigure, die een wat die werk doen, wat dien, en wat onder die invloed van die blanke se kultuur staan. In *Swart Pelgrim* (1952) groei die swart man egter wel tot 'n meerdimensionele individu. Na die sestigerjare, die tyd van konfrontasie, tref 'n nuwe Afrika-bewustheid die Afrikaanse letterkunde. Hierdie belewing van Afrika is veral as "broeiend" omskryf en die Afrika-mens as "donker en onpeilbaar" (Van Rensburg, 1987:85) voorgestel.

In André P. Brink se *Gerugte van Reën* (1978) en 'n *Droë Wit Seisoen* (1979) verkry die swart man sy omvattendste en mees genuanseerde gestalte. Etienne Leroux gebruik die swart man in realistiese hoedanigheid; hy "groei [...] uit tot iets wat by niemand anders in Afrikaans voorkom nie: hy word nie net simbool nie, maar ook psigiese

komponent, wesenlike deel van die algemeen-menslike psige" (Van Rensburg, 1987:86).

Van Rensburg (1987:78) merk op dat dit opvallend is hoe lank die swart man en bruin man 'n aparte pad in die Afrikaanse letterkunde geloop het:

> Nou bevind swart en bruin en blank hulle op een speelterrein, word die feit van hul onderskeie identiteit wel deeglik verreken (dit word spesifiek ter sprake gebring), maar ook doelbewus gerelativeer. Die geskiedenis van die Afrikaanse etniese literatuur in 'n geskiedenis van toenemende ontmoeting, van saamtref in dieselfde punt.

## 4.6 AFRIKA DIE AFGELOPE 100 JAAR

Van der Walt (1992) deel die geskiedenis van die kontinent Afrika vir die afgelope eeu in die volgende drie fases in:

**Die pre-koloniale fase (tot ongeveer 1890):**

Gedurende hierdie tydperk is die lewe van die mense in Afrika ongestoord. Hulle tradisionele lewensvisie(s), religie, kultuur, waardes, tradisies en gebruike het aan hulle lewe rigting gegee en saamgebind. Die mense van Afrika was sterk tradisioneel ingestel en hulle religie was 'n inherente deel van hulle daaglikse lewe sodat hulle geesteswêreld alles beïnvloed en bepaal het. In hierdie tyd het die inwoners nie probleme gehad met vreemde invloede nie omdat hulle nie daaraan blootgestel is nie.

**Die koloniale fase (1890 tot ongeveer 1960):**

As gevolg van die invloede van vreemde lande, word Afrika deur Westerse moondhede in afsonderlike kolonies verdeel en die

tradisionele kulture kom onder groot druk as die Westerlinge hulle kultuur en waardes op die land se mense afdwing.

Die meerderwaardigheid waarmee die Westerlinge na Afrika gekom het, het die tradisionele kultuur van die plaaslike inwoners misken. Die Westerse beskawing is as die enigste aanvaarbare kultuur beskou en op die inwoners afgedwing: "Saam met die Westerse lewensvisie is ook die (Westerse) Christendom op Afrika oorgedra - die geweer is deur die Kruis vergesel!" (Van der Walt, 1993:252.)

Die gevolg van hierdie vreemde invloede en botsende lewensvisies was skade aan die mense van Afrika se holistiese lewensvisie en 'n gepaardgaande identiteitskrisis: "Die eenheid van lewensvisie was verlore en daarmee ook (die gevoel van) eie identiteit; Is ek (nog) 'n Afrikaan, (reeds) 'n Westerling of (net) 'n Christen - of al drie tegelyk?" (Van der Walt, 1993:252.) Die verhouding wat tussen die mense van die onderskeie kultuurgroepe bestaan het, is deur die invloed van die kolonialiste gebreek.

**Postkoloniale fase (vanaf ongeveer 1960):**

Die reaksie van die gekoloniseerde inwoners van Afrika op die kolonialisasie het na 1960 tot uiting gekom en dit het gelei tot geweld en verdere verwarring. As gevolg van die Westerse kolonialisme was die mense van Afrika in 'n eksistensiële identiteitskrisis gedompel. Daar is 'n duidelike verband tussen die soeke na 'n tipiese Afrika-lewensvisie en die eksistensiële identiteitskrisis waarin die Westerse kolonialisme die mense van Afrika laat beland het.

## 4.7 KOLONIALISME EN POSTKOLONIALISME IN *Die olifantjagters*

Die invloed van kolonialisme en postkolonialisme het die verhouding tussen die natuur en die mens beïnvloed en het 'n ingrypende invloed gehad op die lewens van inheemse mense. In *Die olifantjagters* word die begrippe *kolonialisme* en *postkolonialisme* bymekaar gebring en daar sal daarom ondersoek ingestel word na die manier hoe hierdie begrippe in die verhaal manifesteer.

Die verhaal speel af teen die agtergrond van die pas afgelope verkiesing in Namibië. Hierdie verkiesing is 'n gebeurtenis wat ambivalente emosies by die inwoners van Boesmanland wek - dit is tegelykertyd bevrydend en beklemmend. Vir die Boesmans is dit goed dat 'n ou onreg uitgeroei word, maar die vrees is tog daar dat 'n nuwe onreg die oue kan vervang.

> Dahm kap met 'n afwysende gebaar met die plathand deur die lug. Die glimlag van vroeër verander op sy gesig in 'n alles omvattende frons wat woede, verwardheid en vrees vir 'n onbekende toekoms insluit. (131)

Die koms van die koloniale invloede en die Westerlinge se teenwoordigheid in die Boesmannedersetting is duidelik te bespeur en of hierdie invloede ten goede is, is te betwyfel. Die koloniale invloede verbreek die Boesmans se eie kultuur en die Boesmans word meer blootgestel aan allerlei probleme. By die Boesmankamp lê papiere en plastieksakke oral rond, die Boesmans is geïntereseerd in die tegnologie van die Weste, maar kan dit nie ten volle benut nie. Melita, die dokter, sê aan die verteller:

> "The Caprivi is rotten with Aids! This is a living time bomb!" (45)

Selfs Huger is bewus daarvan dat die Westerse invloede op die Boesmans nie na wense is nie:

> "Dit was betaaldag by die weermag en Tsumkwe het in Sodom en Gomorra verander." (105)

Uit hierdie voorbeelde blyk dit dat hierdie ongewone verleidinge wat die Westerlinge met hulle koms na Boesmanland gebring het, nie deur die Boesmans benut word nie, maar eerder misbruik word en maatskaplike probleme tot gevolg het.

Die Stigting wat verteenwoordig word deur Christa en Christine, se hooftaak is om die Boesmans te help ontwikkel tot selfstandigheid. Die doelwit van die inisiatief van die Stigting is om die Boesmans te laat afsien van hul nomadiese lewenswyse. Indien die Boesmans hulle sou vestig by die boorgate, sou hulle nie desperaat agter water hoef rond te trek in die droogte nie. Ten spyte van die goeie bedoelings, getuig hierdie optrede van die Stigting van 'n tipiese meerderwaardige postkoloniale denke omdat dit strydig is met die Boesmans se oerinstinkte wat van hulle jagters en swerwers maak. Die gevolg van hierdie saamblyery is 'n beperking van hulle sosiale vryheid en dit lei tot rusies en struwelinge.

Die beterweterigheid van die postkoloniale idees is kenmerkend van die vooropgestelde meerderwaardigheid waarmee die Westerlinge steeds na Afrika kom en wat hulle laat dink hulle kan die Boesmans se kulturele waardestelsel omvorm, verander en daaroor besluit.

Hofstede se ui-diagram (hoofstuk 3, figuur 3) dui daarop dat die menslike kulturele aktiwiteite 'n komplekse geheel is. Die buitenste kultuurlae is sigbaarder en kan ook makliker verander as die binneste kern. Die buitenste lae is gewoon sigbare praktyke soos gewoontes, gedrag, gebruike, materiële skeppinge, taal en voorwerpe. Hoe dieper daar na die kern beweeg word, hoe minder sigbaar word die fasette van die kultuur. Die binneste kern wat bestaan uit waardes, norme, 'n bepaalde lewensvisie en religieuse oortuigings, verander nie so maklik nie en is minder sigbaar.

Hierdie diagram en redenasie kan van toepassing gemaak word op die Boesmans sowel as die olifantjagters, wat as gevolg van wedersydse beïnvloeding afsien van hulle kulturele waardes. Reeds in die sigbare kulturele waardes, soos die simbole, helde en rituele, is daar tekens dat daar wegbeweeg word van die kulturele waardesisteem af. Die vraag is egter hoe diep hierdie wedersydse beïnvloeding reeds is en hoe lank dit nog sal wees voordat hierdie verandering ook die binneste kern van die waardesisteem aantas.

As gevolg van die akkulturasie, is daar min Boesmans wat nog tradisionele klere dra. Dit is opmerklik dat Huger wat ook wegbeweeg van sy eie kultuur, reeds soos die Boesman aantrek. Daar is dus 'n sigbare wedersydse beïnvloeding:

> Die Boesmans dra stukkende Westerse klere, halfmasbroeke en baadjies sonder moue; hy 'n velskort en sandale, sy bolyf bruin en kaal. (5)

Al is daar sigbare tekens dat die Boesmans deur die Westerse invloede aangetrek word, is hulle lewensvisie egter nog dié van hulle tradisionele voorgeslagte. Te oordeel aan die mislukking van die beesboerdery en die mislukking van die vaste waterpunte, is dit te betwyfel of die Westerse invloede dit reggekry het om die Boesmans se tradisionele lewenswyse reeds heeltemal te verander.

Die hofsaak oor die windpomp ontstaan oor die onsekerheid waarin Dahm verkeer oor sy plek in die Boesmangemeenskap. Die Stigting het aan Dahm die status gegee as kaptein van die "Rada" en daarom voel hy bedreig deur Huger se teenwoordigheid. Die hiërargie in die Boesmangemeenskap word derhalwe bevraagteken as gevolg van die Westerse invloede.

> Sy sterkste wapen teen Huger is alleen maar die feit dat dat hy 'n Boesman is en Huger 'n buitestander. (22)

Dahm se onsekerheid is toe te skryf daaraan dat die status wat hy van die Westerlinge ontvang het, nie deel is van die Boesmans se kulturele tradisies nie en daarom nie permanent is nie. Huger is vir hom die verteenwoordiger van die Westerse beskawing, maar Huger bedreig die status wat die Stigting aan Dahm gegee het, omdat dit weer deur Huger weggeneem kan word.

> Almal besef waarskynlik dat die hele verhoor net oëverblindery was om Huger se buitestanderskap te beklemtoon en om die Boesmans se vrees vir oorheersing deur hom te besweer. (24)

By Huger is daar tekens dat hy reeds van die Boesmans se kultuur aanvaar het, byvoorbeeld sy Boesmanvrou, sy kleredrag, en selfs

gewoontes van die Boesmans, soos die stukkie boombas wat hy voor 'n jag aan sy horlosiegespe vryf. Huger besef egter dat hy nooit werklik deel sal word van die Boesmans nie.

> "Dat mens bliksemswil jou tyd met dié mense mors!" (24)

Tog is hy eerlik as hy sê:

> "'Ek het ook baie by haar aangepas. [...] Ek het baie by haar geleer." (32)

As Huger later sê: "Ek is tog maar net 'n wit Boesman" (120), bevestig hy weer eens die kompleksiteit van die multikulturele verhoudinge en identiteit waarmee die karakters in die verhaal te doen kry. Net soos die Boesmans steeds in die kern van hul waardesisteem Boesman bly, net so bly die Westerling steeds Westerling, al is daar 'n wedersydse uitreiking tussen die karakters. Huger bevestig wat vir hom belangrik is:

> "Vandag weet ek daar is net een ding wat belangrik is: dis die olifantjag!" (108)

Nogtans is hy bewus daarvan dat sy betrokkenheid met ǀAsa vir hom hoofsaaklik die paspoort is tot sy verblyf in Boesmanland. Vir Huger is die koms van die Westerlinge asook die invloede wat hul koms na Boesmanland teweeg bring, nie 'n probleem nie. Sy posisie berus opsy taakgerigtheid, naamlik olifantjag. Hy is nie bekommerd oor die verlies aan identiteit wat die Westerlinge se teenwoordigheid veroor-saak nie. Huger se optrede is amoreel omdat hy geen betrokkenheid toon by die ideologiese krississe wat lei tot die identiteitsverwarring

waarmee die Boesmans te kampe het nie

Huger se posisie as olifantjagter maak van hom 'n instrument van die Westerse uitbuiting van die natuur van Afrika. Al jag hy olifante, het hy 'n ontsaglike kennis van die olifante en die natuur, wat aantoon dat hy liefde en respek het vir die natuur. Huger is egter onbetrokke by die kolonisering en postkoloniale invloede in Afrika asook die uitwerking daarvan op die Boesmans. Hierdie onbetrokkenheid van Huger is moontlik die gevolg van sy woede oor sy magteloosheid teenoor hierdie situasie waarin Afrika verkeer. 'n Ander moontlikheid is dat Huger se onbetrokkenheid die gevolg is van sy selfgesentreerdheid - hy gaan ongestoord voort met sy olifantjagtery.

Die Stigting is afhanklik van buitelandse geld wat geskenk word vir die doel om die Boesmans tot selfstandigheid te ontwikkel . Huger spreek Melita aan as sy die Italianer, Beretta, beledig:

> "Jy kom neuk oor siek Boesmans en beledig een van die rykste manne in die wêreld! Hy het meer geld as wat die hele Namibië ooit bymekaar sal hê!" (48)

Die verteller het begrip vir beide Melita en Huger se verleentheid omdat hy weet dat hulle voortbestaan in Boesmanland afhang van die buitelandse skenkings. Die buitelandse jagters, soos die Italianer, is 'n voorbeeld van die Westerling wat die natuur beroof net vir sy eie plesier. Hy gebruik sy geld en mag om plesier te hê en is verder onbetrokke by die probleme wat geskep word deur die teenwoordigheid van mense soos hy in Boesmanland . Die Popster wat Maxamesi wond, tree op soos die tipiese aardsuitbuiter. Hy het die olifantjag

nodig om sy beeld te bou. Vanweë sy onbetrokkenheid by Afrika, die natuur en die olifant self, vertrek hy uit Afrika sonder om die olifant wat hy gewond het, te agtervolg.

Die skenkings van die buitelanders is tipies van die kollektiewe skuld van mense uit die lande wat vroeër koloniserend opgetree het. Hierdie optrede is 'n voorbeeld van die mees gewraakte koloniale verhouding, om naamlik net alles te vat en uit te buit sonder om enige verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

Deur lAsa kan 'n mens sien watter kulturele verhouding heers tussen die Westerlinge en die Boesmans. Huger neem lAsa as vrou omdat hy 'n vrou nodig het om aan sy lewe in Boesmanland sin te gee en om vir hierdie misbruik te vergoed, voorsien hy aan haar materiële dinge om haar aansien tussen die ander Boesmans te verhoog en te bevestig. lAsa dien as voorbeeld van die tipiese kulturele verlies waaronder die Boesmans moet lewe. Ten spyte daarvan dat sy reeds Westerse klere dra, Huger se vrou is, haar vermaak met Westerse kaarte en bandspeler, het lAsa se oerinstinkte behoue gebly. lAsa se krag lê nie alleen in haar gene wat haar onderskei van 'n Westerse vrou nie (sy weet hoe om te oorleef in die bosse, rigting te hou en die natuur te lees), maar ook daarin dat sy weet hoe om subtiel te werk te gaan om haar vroulikheid aan te wend om haar sin te kry.

Die verteller beweeg in 'n wêreld tussen die koloniale invloede en die inwoners van Afrika se ongestoorde saambestaan met die natuur. Die enigmatiese vakuum wat die verteller omhul, maak dit moeilik om te

sê wat sy werklike gevoel aangaande hierdie postkoloniale invloede in Boesmanland is. Dit is nietemin duidelik dat die skuld van die kolonialisme hom aftrek sodat hy deur die grense van sy waardesisteem breek ter wille van sy eie oorlewing.

Die verteller het Boesmanland toe gekom om sin te soek in sy lewe, om weg te kom van onsekerhede in sy verlede. Hy worstel met probleme, oor sy identiteit, oor "sy morele en sosiale grense" (44). Die omstandighede waarin hulle bly, maak dit ook nie vir hom makliker nie:

> Hier is ook geen spieëls nie - dae lank vergeet ek hoe ek lyk;
> dit is asof ek as 'n vreemdeling rondloop. (42)

Boonop besef hy dat hy nooit deel van die Boesmans sal wees nie:

> Ek het my ver misreken. Die Boesmans vertrou my nie.
> - voel ek die wrewel duidelik aan in hulle strak gesigte,
> in die manier waarop hulle my op en af bekyk [...] (44).

Dit is hierdie onsekerhede wat daartoe bydra dat die verteller later dubbele standaarde handhaaf:

> "Julle Boere vat mos nie Boesmansvrouens nie!"
> "Ek is 'n Duitser, nie 'n Boer nie."
> "Selfs die Boere het nou verander," sê ek. (128)

Die verteller neem nie standpunt in oor sy plek in die Boesmangemeenskap nie. Hy spreek hom nie uit oor die teenwoordigheid van die postkoloniale en koloniale invloede wat besig is om in die Boesmangemeenskap verwarring te veroorsaak nie. Die verteller word gedwing om sy waardesisteem te bevraagteken en daarvan af te wyk as gevolg van sy skuld as deel van sy herkoms uit 'n rassistiese volk. As

Westerling en omrede sy betrokkenheid by Huger, het die verteller nie 'n keuse as om deel te word van die olifantjag nie. Tog besef hy na afloop van die olifantjag:

> Ek wou slegs 'n toeskouer bly wat saamstap, onbetrokke ontoerekeningsvatbaar. Nou is ek te midde van dit alles, die geweer in my hande, so baie dooies agter my op die pad. (257)

Die situasie wat heers as die Westerlinge verwys na die Boesmans as "dié mense" is tipies van 'n koloniale opset. Van der Merwe en Viljoen (1989:169) verwys na hierdie verskynsel en praat van die "koloniale ek" en die "gekoloniseerde ander". Beide die verteller en Huger weerhou hulle daarvan om 'n mening te lug oor die Westerse invloede wat bevraagteken kan word, maar distansieer hulle nogtans van die "ander" soos wat dit hulle pas. Om die olifantjag te regverdig, neem die verteller standpunt in sodat hy sy skuldgevoel kan verdring:

> "Die ou Afrika het verbygegaan, waar almal en enigeen net kon kom skep. Kolonialisme is verby, nou word toegang gereël, en ons verkoop die kaartjies", sê ek. (120)

Een van die positiewe gevolge van koloniale invloede is die bekamping van die bevolkingsontploffing waarmee Melita besig is. Sy moet egter tevrede wees om die medikasie in die hande van onopgeleide mense te laat. Die Westerlinge wend tog 'n poging aan om die Boesmans bewus te maak van die natuur se benutting en bewaring. Vanweë die Boesmans se fatalistiese lewensbeskouing is dit, volgens die roman, egter te betwyfel of dit inslag vind.

## 4.8 MAG

Die roman beeld 'n komplekse netwerk van magstrukture uit. In die volgende afdelings word eerstens gefokus op mag in die konteks van kolonisasie (4.8.1) en daarna word die rolspelers in die magspel, soos dit in die roman uitgebeeld word, ontleed (4.8.2).

### 4.8.1 MAG IN DIE KOLONIALE KONTEKS

De Klerk (1988a:121) sien kolonisasie ook as die vestiging van mag op kulturele en ekonomiese gebiede, en nie net as die vestiging van politieke mag nie. Nuwe politieke en ekonomiese stelsels en 'n nuwe sosiale orde word gewoonlik gevestig met die kolonisasie van 'n gebied. 'n Superstruktuur word meestal bo-oor bestaande stelsels ingestel, maar dit kan ook 'n voortsetting van 'n vroeëre koloniale struktuur wees. In so 'n geval word die leefwyse van die meeste inwoners nie ingrypend verander nie (De Klerk, 1988b:543). In sommige gevalle, soos in Suid-Afrika, was die koloniale opset van die afgelope 40 jaar die voortsetting van 'n voorafgaande koloniale stelsel.

Die basiese kenmerke van die bestaande struktuur kan soms behoue bly, maar indien daar tog veranderinge intree, lei dit gewoonlik daartoe dat die bestaande struktuur opgehef word of dat sy wesens-aard verlore gaan (De Klerk, 1988b:543).

> Kolonisasie lei ook tot die totstandkoming van 'n nuwe sosiale orde. Die koms van 'n nuwe heersersgroep, al is dit net 'n klein klompie amptenare, bring mee dat die vroeëre elite groep sy bevoorregte posisie verloor, hoewel die leefwyse van die gewone man nie noodwendig geraak word nie. In die sosiale orde het koloniseerders en gekoloniseerders elk 'n eie plek, die koloniste hoofsaaklik as leiers en meesters en die gekoloniseerdes as volgelinge en ondergeskiktes. (De Klerk, 1988b:544.)

Op die ekonomiese gebied kan die gekoloniseerdes gedeeltelik of heeltemal in 'n mindere posisie teenoor die koloniseerders staan en ekonomies van die koloniseerders afhanklik word. Soms is die hele kolonie se ekonomie gerig op die maksimum voordeel vir die koloniseerders en die gekoloniseerde land. Die gekoloniseerdes is ook soms betrek by die nuwe ontwikkelde ekonomiese stelsel en kan voordeel trek uit die groter welvaart van die kolonies (De Klerk, 1988b:544).

Nie net word nuwe ekonomiese aspekte en 'n nuwe sosiale orde gevestig met die kolonisasie van 'n gebied nie, maar ook word nuwe politieke stelsels gevestig. Die vernaamste gesag berus by die koloniseerders wat in die kolonie soms verteenwoordig word deur 'n aantal amptenare en soldate wat in die gekoloniseerde gebied woon. Soms het die kolonisasieproses vreedsaam verloop; in ander gevalle het gekoloniseerdes in opstand gekom teen die koloniseerders. In die geskiedenis van feitlik elke samelewing kom opstand en verset voor as gevolg van ongewensde veranderings. Verskille tussen die onder-horige en die dominerende kategorie van die koloniale samelewing is van die algemeenste konflikte wat ontstaan. Die vorming van politieke

organisasies wat hul beywer vir deelname aan die regering of 'n verandering van die regeringstelsel, is 'n vreedsame vorm van verset wat feitlik oral voorkom waar dit wel moontlik is om openlik sulke liggame te organiseer. Versetbewegings onder gekoloniseerdes is gewoonlik nie alleen daarop uit om politieke mag te verkry nie. Hoewel die leiers dit dikwels as hul hoofdoel sien om self maghebbers te word, gaan dit vir die volgelinge meesal veral om 'n verbetering van hul eie posisie en dus om ekonomiese en sosiale voordele. Versetbewegings onder minderheidsgroepe streef nie noodwendig na onafhanklikheid nie, maar eerder na outonomie en verbetering van hul sosio-ekonomiese posisie (De Klerk, 1988b:554).

Die Suid-Afrikaanse voorbeeld is 'n bewys daarvan dat dit by kolonisasie en dekolonisasie om veel meer as net verandering van politieke mag gaan. Die ekonomiese stelsel en sosiale orde verander nie noodwendig onmiddellik as daar 'n politieke verandering is nie en 'n heersersgroep wat sy politieke mag verloor, kan na dekolonisasie nog in baie opsigte in 'n bevoorregte en 'n magsposisie bly, soos met die Engelstalige blankes in Suid-Afrika na 1948 die geval was. Hieruit blyk ook dat dekolonisasie 'n proses is wat oor 'n hele tydperk strek en nie met politieke magsoorname dadelik voltooi is nie.

De Klerk (1989:262) verduidelik dat Suid-Afrika teen 1900 'n gekoloniseerde gebied en deel van die magtige Britse wêreldryk was. Ná 1910 het die vroeër gekoloniseerde Afrikaners in Suid-Afrika en die koloniste die mag gedeel, maar ná 1948 het dit uitgeloop op 'n magsoorname deur die Afrikaners. Die Afrikaners het dus self

koloniseerders geword en só oorheersers geword van die swart bevolking van Suid-Afrika. Tot na die Tweede Wêreldoorlog was die Afrikaners so in 'n stryd gewikkel om groter mag in hul eie land te verwerf, dat daar nie regtig aandag gegee is "aan die probleem van hul verhouding met die swart bevolking" (De Klerk, 1989:262) nie.

Die einde van die volgende koloniale fase in Suid-Afrika breek eers aan met die eerste demokratiese verkiesing in 1994, aan wat formeel 'n einde maak aan die wit oorheersing van inheemse bevolkings (Viljoen, 1998:73).

Demokratisering is vandag die kernkwessie in Suid-Afrika en die problematiek binne die Suid-Afrikaanse werklikheid met sy diverse samelewing, dra daartoe by dat die begrip *demokrasie* heelwat implikasies het. 'n Demokratiese regeringsvorm plaas 'n hoë premie op gelyke geleenthede en dit word in 'n meerderheidsregering as een van die hoekstene van die demokrasie beskou.

Omdat gelykwaardige deelname in sekere prosesse in die vorige politieke bedeling aan die gekoloniseerdes ontsê is, is die beginsel van regstellende aksie belangrik. Politieke gelykheid, algemene stemreg en 'n meerderheidsregering is van die grootste belang. Indien daar nie amptelike erkenning is van politieke, ekonomiese, kulturele en sosiale belange nie, word die landsbewoners die reg en geleentheid tot gelykwaardige deelname ontsê. In die kluster van hierdie begrippe speel mag 'n belangrike rol. Hierdie magsvestiging, magstryd en invloed van mag betrek alle verhoudings: intellektueel, institusioneel,

sosiaal en polities (Van Coller, 1995:51).

### 4.8.2 MAG IN *Die olifantjagters*

Omdat kolonialisme en postkolonialisme so sterk figureer in *Die olifantjagters*, kan dit verwag word dat mag in verskillende vorms 'n belangrike rol in die roman sal speel. As gevolg van die kolonialisme is daar magstrukture wat in Boesmanland 'n rol speel. Meer nog, daar is individue wat verteenwoordigend is van hierdie magstrukture, asook individue wat aanspraak maak op persoonlike mag waaroor hulle (dink hulle) beskik.

#### 4.8.2.1 HUGER

Die titel *Die olifantjagters* verleen aan Huger die beeld van 'n macho-manlike man in die roman wat ondersteun word deur die "manlike" motief in die roman, die olifantjag. Huger se mag is egter geleë in die feit dat hy 'n geweldige kennis oor olifante en olifantjag het.

As die verteller vir Huger die eerste keer sien, maak die olifantjagter se voorkoms 'n indruk op hom. As hy hom beter leer ken, besef hy dat hy ten spyte van sy uniekheid ook sy vrese en verlangens het. Die verteller vermoed dat Huger 'n dramatiese lewensgeskiedenis het.

> Ek wens dat ek werklik 'n skrywer van formaat was en dat ek sy storie aan die wêreld kon opdis, so lewensgetrou moontlik, met die nodige dramatisering, maar sonder om daaroor hoef te lieg. (112)

In die Boesmangemeenskap waarin Huger hom gevestig het, is hy nie baie welkom nie, ten spyte van die vrou wat die Boesmans aan hom gegee het. Die gesag wat hy tussen die Boesmans afdwing, berus deels daarop dat hy die lewe vir die Boesmans 'n bietjie makliker kan maak met sy geweer en voertuig, maar daar is 'n grens:

> Baie ander skop egter verbete teë teen die wit man se teenwoordigheid. (9)

Die Boesmans in Boesmanland het met die koms van die weermag kennis gemaak met die mag wat geld bring. Met geld kan die Boesmans drank koop, wat deel is van die Westerse verleidinge waarvoor hulle baie ontvanklik is. Huger verskaf aan lAsa mag deur die geld wat hy aan haar voorsien. Met die geld koop lAsa aansien tussen die ander Boesmans deurdat sy dit met hulle deel:

> Die ene vooraan het 'n dik pak note in die hande en sprei dit soos 'n waaier in die winkelklerk se gesig oop, asof sy hom daarmee wil intimideer. Dit is lAsa. (27)
> Soos hy die seep oppak, gee lAsa hande vol daarvan met 'n breë glimlag vir haar vriendinne aan, wat dit op hulle beurt weer hier en daar aan bekendes tussen die omstanders uitdeel [...] (27)

As jagter bly Huger se mag beperk tot die feit dat hy die draer van die geweer is. Almal weet dat net hy die olifant kan laat sterf. As die jagters agter die olifant aanloop, sien die verteller vir Huger in 'n ander lig:

> Huger laat rus die swaar geweer op sy skouers om die gewig van sy arms af te haal, sy polse weerskante oor die kolf en oor die loop gehaak. [...] Noudat ek in hierdie toegegroeide veld net hom alleen voor my kan sien, let ek op met watter eienaardige wiegende gang hy loop, sy skouerknoppe rollend soos dié van 'n kat, die geweer wat daarop dobber. Hy is werklik 'n jagter! (185)

Huger ken die bos, olifante en olifantjag. Hierdie kennis waaroor hy beskik plaas hom in 'n ander hiërargie van die Westerlinge wat duidelik ontuis is in die ongereptheid van Afrika. Vanweë sy uitgebreide kennis vertrou die buitelandse jagters hom as hulle in Afrika kom; so ook die verteller wat vir hom sê het dat hy te veel weet om maar net vir Greller te werk.

Huger het foto's in sy besit van weersinwekkende jagtogte waartydens die olifante afgeslag is; van die kaalgelate bene en die olifantkoppe wat begrawe is sodat die tande kan afvrot. Hy besef dat die foto's Greller se hele olifantbedryf kan kelder as dit gepubliseer word en daarom beskou Huger dit as wapens teen Greller wat hy in sy besit het. Huger is bewus daarvan dat Greller se olifantjagbedryf nie sonder hom kan aangaan nie en daarom het hy 'n subtiele houvas op Greller.

Die feit dat Huger hierdie foto's hou om Greller mee af te pers, is 'n bewys daarvan dat hy bewus is daarvan dat Greller en sy jagters besig is om die ekologie te misbruik en sinloos te vernietig. Dit is egter vreemd dat Huger so onbetrokke is by die bewaring van die ekologie, dat hy willoos die jagters laat begaan en steeds nie betrokke raak en beswaar maak teen die grusaamhede nie.

#### 4.8.2.2 MAG VAN MAXAMESI

Maxamesi word in die verhaal die simbool van die mag van Afrika wat weerstand bied kom teen die Westerlinge wat Afrika wil koloniseer en indring. Die olifant beskik oor 'n ongekende magiese mag waarmee hydie karakters in die verhaal manipuleer en lei tot op 'n plek waar hy

as simbool van Afrika die jagters konfronteer met die mag en die krag van die natuur van Afrika. Die oermag en krag waaroor Maxamesi beskik het 'n invloed op al die karakters in die verhaal en hulle word willoos agter hom aangetrek tot waar sy wraak tot afrekening kom. Wanneer Maxamesi sterf, is sy dood simbolies van die verdwyning van Afrika as 'n ongerepte plek waar die mag van natuurkragte heers.

Dit is ironies dat Maxamesi wat die simbool van Afrika is, gewond word deur 'n popster wat geen belang by die olifant het, behalwe om sy eie beeld te bevorder nie. Nadat hy hom gewond het, stel hy nie eers daarin belang om hom verder te volg nie:

> "You go, you go. Come and get me when you have him." (173)

Huger verduidelik die popster se optrede as hy self besluit:

> "Dis vrees." (174)

As die popster later besluit om pad te gee, weet die verteller dat die olifant nou Afrika geword het, en dat die dilemma van die gewonde dier deur dié wat van Afrika is, opgelos moet word. Die "slagoffer" en dié verantwoordelik daarvoor, moet die saak op 'n "Afrika-manier" hanteer.

> Ons wat deel is van Afrika moet bly om agter die gekweste bul aan te loop. (178)

Hierdie woorde kan meerduidig geïnterpreteer word. Onder andere weet die verteller dat hulle wat bly om die olifant te agtervolg, nog omgee vir Afrika; ook dat hierdie mense met Afrika identifiseer, selfs

dat hulle hier hoort of hier mag wees.

Dit is die mag wat Afrika oor sy inwoners het en ook Maxamesi wat 'n onvervreembare deel van Afrika is wat die jagters nie laat los nie. Daar is 'n onuitgesproke bewustheid by elkeen en die verteller weet: "Vir Maxamesi sal ons nie laat gaan nie" (178). Net soos wat die drang om die laaste honderdponder te skiet nie weerstaan kan word nie, net so seker weet die agtervolgers dat hulle die olifant nie kan los nie.

Ten spyte van die jagters se aanspraak daarop dat die olifant "dit amper aan ons verskuldig is om te val" (172) en die popster se aanmatiging: "He should have fallen" (172), trek Maxamesi die jaggeselskap agter hom aan, dieper in Afrika in en behou so sy mag oor dié mense vir wie hy 'n obsessie geword het. Die jagters volg Maxamesi noordwaarts, die diepte van Angola in, oorkant die Kavango, waarheen hy hom op sy ou instinkte begeef en waar hy vandaan kom.

Die jagters kom af op tekens van skermutselinge wat tydens die oorlog plaasgevind het. Die oorblyfsels van "instrumente van dood" (186) en die weermagvoertuie is ironies genoeg na diere van Afrika vernoem, soos "die hippo, die ratel, die buffel, die luiperd, die cheetah, die vlakvark, die rooivalk, die wolf, die eland, olifant" (186). Daar is 'n treffende teenstelling tussen die mensgemaakte oorlogstuie, nou nuttelose wrakke, en Maxamesi wat bly aanstap ondanks die koeëlwonde in sy liggaam.

Maxamesi word opgeneem in die natuur. Hy word deel van 'n groter geheel. Hy verloor sy dierlike aard en word 'n soort onbepaalbare verskynsel:

> Dit is asof ons 'n gesonde bul volg, asof Maxamesi onaantasbaar is, die koeëls hom nie skeel nie. (175)

Ten spyte van sy verwonding bly die olifant aanstap. Huger weet

> "hy is so ontsettend groot dat dit die dood dae neem om van die skoot af in die lewe in te beweeg. [...] Uiteindelik sal die dood wen, maar dat dit lank neem, dit moet 'n mens verwag." (184)

Maxamesi lei die jagters deur Angola op paaie wat as gevolg van die langdurige oorlog "vrot van die landmyne" (183) is, maar as gevolg van sy oerinstinkte wat hom beskerm teen hierdie onvanpaste bedreiging, lei hy die jagters veilig deur die slagveld van landmyne. In 'n onbewaakte oomblik hoop Huger "die bliksem trap 'n landmyn af dat hierdie stappery kan einde kry!" (183).

In Maxamesi is daar iets vernietigends. Hy is 'n formidabele teenstander: hy kan die mense almal doodmaak. Maar hy word ook simbool van die duursaamheid van lewe; hy is ook iets lewegewends. Hy help die jagters selfs op onverwagte wyse. Hy trap 'n gat oop sodat die jagters "goue heuningkoeke wat van lewe drup" (202) vind. As die jagters bedreig word deur 'n onverklaarbare, vernietigende veldbrand, is dit die kaal kolle in die olifantpanne wat tot hul redding kom. Die verteller besef:

> As die olifant ons nie na die pannetjies wat nog water hou, lei nie, sal ons maklik van dors kan sterf, (185),

en

> Hy is terselfdertyd ons dood en ons weg tot lewe. (183)
> So bepaal die olifant selfs vir ons die plekke waar ons moet kamp terwyl ons agter hom aan die loop is. (203)

Maxamesi lei die jagters deur gevaar en na plekke waar hulle water en heuning kan kry sodat hulle kan voortgaan om hom te volg tot op die plek waar hy wil wraak neem.

Hierdie teenstrydige optrede van Maxamesi dui op die mag waaroor hy beskik. Dis 'n ongekende oermag waaroor hy beskik, en hy lei die jagters op 'n reis wat hulle moet voleindig. Die verteller sê van hierdie reis agter die gewonde olifant aan:

> Ons sal ons lewens indeel in die tyd voor die olifant en die tyd ná die olifant. (203)

Ten spyte van die koeëls in sy liggaam, behou Maxamesi die krag om voor sy jagters uit te beweeg.

> Die olifant het die pyn van sy wonde wat hom aanjaag, die voordeel van sy vrees en van sy langer treë. Anders as ons, kan hy dag en nag aan die loop bly. Hy bepaal die rigting, ons moet die spore sny. (188)

Ten spyte van die pyn wat deur die mens se toedoen aan hom vreet, gaan die olifant steeds fyn berekenend te werk. Hy lei die jagters dieper die bos in tot waar dit vir hom geleë is om sy wraak te neem. Dit is ironies dat die olifant uit sy habitat gedryf is deur die Westerlinge wat in Afrika oorlog gemaak het. Hy is verwond omdat hy die paaie van die mens gekruis het. Dit is hierdie ongehoorde teenwoordigheid van die Westerling in Afrika wat die oorsaak is van die woede van die olifant

en waaroor hy nou wil wraakneem.

Die mite lui voorts dat olifante na spesifieke plekke gaan wanneer hulle weet dat hulle gaan sterf. Maxamesi ken dus sy bestemming en hy is in beheer, al is hy in menslike terme die slagoffer, die gewonde of die sterwende.

Die olifant gebruik sy oermag om sy agtervolgers soms te laat vergeet wat die werklike doel van hulle tog is:

> Ons het hom lankal reeds as prooi afgelê: hy was eerder formidabele teenstander, parallelle genoot, sielsgelyke. (211)

Maar hy lei hulle onverbiddelik verder op sy spoor en breek hulle liggaamlike en geestelike weerstand stelselmatig af:

> Asseblief, asseblief, bid ek, gee vir ons die bul in die hande, dat hierdie uitmergelende tog sy einde kan kry. (216)
> Maar nou, wat elke dag bring, is 'n gefolterde agtervolging van 'n duiwelse olifant, 'n onsterflike grys herenskim wat al voor ons uitbeweeg, al dieper in hierdie droogland in, ons al meer moedeloos, al meer verward. (218)

Sonder dat die jagters dit besef is Maxamesi besig om hulle te stroop van hulle selfbeeld sodat hulle nog net meer mens word, wat slegs hulle menslike natuur met slegs hulle oorgeërfde menslike gene (hoofstuk 3, figuur 2) oor het. Juis met hierdie aftakelingsproses bewys die olifant dat die mens nietiger is as die natuur, dat die mens nie kan voortgaan sonder die goedgunstigheid van die natuur nie, maar dat die natuur nie die mens nodig het nie, dat dit nog sal voortgaan sonder die mens se teenwoordigheid. Deur die drie

Boesmans stuur Maxamesi aan die jagters 'n voorskou van wat vir hulle wag:

> "Die bul was verwoed, man. Hy wou alles plattrap om hom. Die naaste een was te stadig. Maxamesi het hom van agter af ingehardloop, met die slurp gelig, in die bome ingegooi. Hy was baie, baie kwaad. Maar Maxamesi het omgekyk na waar hy vandaan gekom het en net so skielik as wat hy gestorm het, begin wegstap deur die bos." (219)

Ten spyte van hierdie skrikwekkende boodskap wat Maxamesi aan die jagters stuur, verstewig hy sy houvas op die jagters:

> Ons weet almal dat ons nie sal omdraai nie, al vat die olifant ons ook tot waar. Dit is egter slegte nuus dié. Wanneer sal hy dan uiteindelik begin ingee? (210)

Gedryf deur sy oerinstinkte, neem Maxamesi wraak. Hy verras die jagters as hulle sintuie verswak is en hulle vir die grootste deel van die dag hulle doelwit vergeet het. Met verstommende vernuf staan die olifant en wag vir die jagters toe hulle hom die minste verwag. Dit is duidelik dat Maxamesi die oomblik van afrekening voorsien en beplan het.

> As die olifant vroeër reeds op sy spore gedraai het, sou ons dit te wagte gewees het, maar hoe kon ons dit ooit bedink ná soveel dae se pylreguit loop op 'n spoor wat nooit van rigting afgedraai het nie? (221)

Getrou aan die waardigheid van die draer van so 'n ontsettende oerkrag en mag, val hy aan:

> Hy is steeds doodstil, geen getrompetter, geen gehyg na asem, geen geskreeu van boosheid nie; net die stilte en die vrees, en die ontsettende magtigheid van sy teenwoordigheid. (221)

Selfs as Maxamesi sterf, doen hy dit met waardigheid:

> Die olifant draai stadig om en begin wegstap deur die bos. 'n Ent verder hoor ek hom val, 'n dowwe slag, maar een wat die grond laat dreun. (222)

Al is hy dood, behou Maxamesi steeds die oermag waaroor hy beskik toe hy gelewe het en het hy nog nie klaar wraak geneem nie. Sy wraak is fyn beplan. Hy het verkies om te sterf op 'n plek wat moeilik identifiseerbaar is deur die Westerlinge. Slegs Slinger sou die jagters weer kon terugbring na die plek waar die tande is, maar hy het Slinger doodgemaak. Huger besluit dat hulle moet wag totdat die tande losgevrot het. Maar steeds bly die jagters aan die verloorkant:

> Die tande wil nie loskom nie, die olifant selfs in die dood onwillig om sy prys af te gee. (235)

Maxamesi se wraak is gerig teen die mens wat in Afrika inkom om die mag van Afrika te wil tem en verplaas. Huger is die een wat die wapen dra, die simbool van die geweld van die Westerse beskawing wat die olifant uitgedryf het uit sy habitat waaraan hy gewoond is. Daarom is die olifant se wraak gerig teen Huger en in die proses wend hy sy mag so aan dat dit nie net Huger is wat met sy lewe boet nie.

#### 4.8.2.3 MAXAMESI EN DIE VERTELLER

Die verteller, wat in die verhaal oënskynlik nie oor 'n bepaalde identiteit of mag beskik nie, word deur Huger ingelig oor olifante wat in sy jeug net in boeke bestaan het:

> "Olifante is baie slim diere, [...] Nie net verstand nie, ook geheue, en gewete." (16)
> "En jy moet onthou, die olifant staan ver bo jou. Hy is 'n reusagtige dier." (17)

> "Die slurp weeg omtrent tweehonderd kilogram, 'n kwartton, en dis so beweeglik soos 'n mens se hand. Hy doen daarmee omtrent enigiets: van groet, drinkwater opsuig, boomwortels en uintjies uitgrawe, tot 'n jagter se arms en bene afskeur as hy hom met die knie op die grond vasgedruk het." (17)

As die verteller Maxamesi die eerste keer sien, is hy oorweldig deur die grootte van die olifant:

> Daar is min dinge so indrukwekkend op hierdie aarde as 'n groot olifantbul wat stadig met sy swaar ivoor oor die savanna stap, sy ore wat met hom saamwieg, die ver trap van sy treë, die skommeling van sy lyf. (103)
> Ver kan ons nog sy rug bo die bosse se kruine sien uitrys, grys soos 'n reënwolk, 'n ver skip op 'n ver see.
> Ek wil nie praat nie, bang dat my stem my kleinheid sal weggee, (138),
> [...] 'n mens jag wild in 'n sekere herkenbare dimensie, nie so groot soos berge nie. (168)
> Ek kan nie die gewaarwording ontsnap dat die aarde aanhou dril onder sy voete nie. (170)

Die verteller het, ten spyte van sy bewondering vir die olifant se grootte, deernis met die olifant en hy is bewus van die olifant se weerloosheid. Al het hy 'n ongekende vrees vir die olifant, bewonder hy hom tog:

> Ek kan nie van die olifant praat asof hy maar soos enige dier sal vrek nie: doodgaan, ja, of sterf, maar nie vrek nie. (207)
> Dit voel my of Maxamesi vir ewig leef. Hy moes al lankal opgegee het met al daardie koeëlwonde in hom. Van die skote moet tog effek hê, dit kan nie anders nie. (207)

Die verteller is onbewus daarvan dat Maxamesi hom reeds met hulle eerste kennismaking in sy mag het:

> Ek verbeel my selfs dat hy 'n stille gesprek met my gevoer het, iets lewensbelangriks wou kommunikeer met daardie koel oë van hom. (138)
> Die dag is skielik saai en sonder betekenis, asof die olifant alle betekenis met die wegbreek van sy grys lyf kom uitvee het. (139)

Namate die verteller deur Huger beïnvloed word, begin Maxamesi ook vir hom 'n objek word waarmee hy die Boesmans kan bevoordeel, maar hy twyfel self oor sy eie motiewe van die jag. Maxamesi se magspel is uiters subtiel, hy sorg nie net dat die verteller bewus is van sy indrukwekkendheid nie, maar verkry 'n houvas op hom sodat die verteller 'n skuldgevoel ontwikkel oor hom:

> Dat iemand daarop uit sou wees om hom te soek en dood te skiet, te vernietig - dit gaan my verstand te bowe. (138)
> Hoe ontsettend klein, ontsettend bevrees, ontsettend skuldig teenoor God, mens en dier voel 'n mens nie! (168)

Tog weet die verteller:

> [...] dat die agtervolging groter sal wees as enigiets waarvoor ons onsself gereed gemaak het. (177)

Tydens die jagtog is die verteller bewus daarvan dat hulle een of ander tyd direk deur Maxamesi se krag en mag gekonfronteer sal word, dat die olifant hulle gaan staan en inwag "om met ons af te reken". (193) Hy weet:

> As die olifant hom nou op ons moet kom wreek, sal ek nie eers die dood sien kom nie. (209)

As Maxamesi eindelik sterf, is die verteller nie bewus van 'n gevoel van oorwinning nie, maar:

> Ek lê en huil sag in my vuis. Sal so 'n dier jou genadig wees as hy sien hoe jammer jy oor alles is? (222)

Die verteller bevind hom in 'n posisie waar hy ter wille van oorlewing alle grense van sy eie waardesisteem deurbreek en hy word deur die

olifant gebruik om verder op Huger wraak te neem:

> [...] soos die tyd aanstap, die aftakeling van my vermoë om die verlange te bly onderdruk. Die afstand tussen my en die beskawing met sy reëls waaraan ek tot nog vir so lank gebind gebly het, al het ek sover die bos in gevlug, raak steeds groter. (236)

Die verteller se lojaliteit teenoor Huger bly in die slag:

> Terselfdertyd begin my wrewel teenoor Huger opbou, sekerlik onregverdig, maar wel: dit was my skuld dat ons hier is, [...] skuld dat ek 'n gemors van my lewe gemaak het en nog steeds aan die maak is. (237)

Hy is magteloos teen die kragtige werking van die olifant se mag:

> Is dit dieselfde Huger wat my van die olifant kom red het vir wie ek nou in die rug steek? Ek het nie meer 'n gewete nie. (239

As Huger selfmoord pleeg, weet die verteller:

> Dit is die olifant wat vergeld het. Vroeër of later sal hy ons inhaal. (249)

Tydens die verteller se trans-ervaring waar hy met sy dieper self gekonfronteer word, ervaar hy sy skuld as "die olifant se bloed wat my aankla" (268). Die houvas wat die olifant op die verteller gehad het, is nou gebreek, maar hy sal die skuld oor hierdie magtige stuk vernietiging vir altyd in sy onderbewussyn met hom saamdra.

#### 4.8.2.4 HUGER EN MAXAMESI

Huger en Maxamesi vorm in die verhaal die teenoorgestelde pole wat mekaar wil vernietig. Huger is die jagter wat die geweer dra, die een

wat as die olifantjagter bekend staan. Ten spyte daarvan dat dit nie Huger is wat die olifant wond nie, word Huger die universele simbool van die mens wat met onbegrip Afrika wil binnedring en sy wil daar wil kom afdwing. Huger se persoonlike doel is nie om Afrika uit te buit en te verander nie, maar hy gebruik Afrika wel. Teenoor Huger is Maxamesi dan die simbool van Afrika wat in opstand kom teen die Westerling se onnadenkende binnedring in Afrika in.

Die vrees wat Huger as kind teenoor die olifante opgebou het, projekteer hy op Maxamesi. Huger wil hierdie vrees van hom oorkom en dit speel 'n rol in sy obsessie om Maxamesi te skiet. Die mag waaroor Maxamesi beskik, versterk Huger se obsessie en dit word 'n persoonlike magstryd. Asof die olifant dit weet, lei hy die jagters na die gebied toe waar hy,daar wraak te neem teen die Westerlinge wat hom wil vernietig, en om daar te sterf.

Op realistiese vlak is die olifant Huger se droom. Reeds as kind was hy betower deur olifante:

> "Kyk, ek het as 'n klein kind, jy weet, my ma, ná ek gebore is, sy het dit vir my gegee, ek het so 'n klein olifantjie in my bed gehad." (97)
> "Soos 'n ander kind 'n teddiebeer het, het ek die olifant gehad." (98)

Later het olifante vir hom 'n objek van vrees geword en hy het angsdrome oor olifante gekry:

> "Dis naby, dis altyd gevaarlik, ek was baie bang. Dit het ek altyd gedroom, so 'n storie, daardie tipe storie. Selfs as grootmens het daardie drome by my gebly." (98)

Onbewustelik het hierdie vrees lewende gestalte gekry in die vorm van Maxamesi:

> "Vir my het daardie groot olifant vandag 'n naam, sy naam is eintlik Maxamesi, net so geskryf soos die dorp Maxamesi, hier naby Tebaraku. [...] Daar het ek hom die eerste keer buite my drome gesien." (98)

Vir Huger word Maxamesi 'n obsessie en op 'n subtiele wyse kry Maxamesi op Huger 'n houvas. Huger se obsessie met olifante en sy vrees vir olifante, en later spesifiek Maxamesi, skuif soos 'n donker wolk oor Huger se lewe. Hy probeer sy eie vrees verwerk en as hy sou oorwin, sou hy dit net tot sy eie voordeel wou aanwend:

> "Dis my eie olifant, my spaargeld vir die toekoms, my pensioen." (99)

Onwetend van die donker mag wat Maxamesi op hom het en die mag wat hom onbewustelik dryf tot konfrontasie met die olifant, is Huger bereid om te wag:

> "Ek soek hom nooit nie, ek wil hom los tot dit nodig is, maar ek soek hom elke dag. Altyd as ek 'n spoor volg wat kan pas, dan wonder ek of dit nie Maxamesi kan wees nie. Maar ek weet nou al: 'n mens sal hom nooit kry as jy hom soek nie." (101)

Huger is egter bewus daarvan dat Maxamesi se krag sterker as sy eie is en dit is met respek wat hy sê:

> "Hy sal vir altyd leef." (103)

As Huger vir Maxamesi doodskiet, behou die olifant sy mag oor Huger. Huger is magteloos teen Maxamesi wat steeds nie wil ingee nie en dit

vir Huger onmoontlik maak om die tande los te kry:

> Huger raak elke dag meer besete, stap reeds vroegoggend weg om te gaan jag of aan die tande te trek. (239)
> Dit is asof hy vir iets wag om te gebeur, iets wat hom van die tande sal verlos waaraan hy nou so onlosmaaklik gebind is. (247)

Selfs Maxamesi se karkas word meer as 'n dooie ding. Dit word 'n enigmatiese ruimte as die grys vel oor die geraamte droog word. In hierdie ruimte gee die verteller en lAsa uiting aan hulle hartstog sodat Maxamesi se wraak ook in hierdie lewegewende daad kan seëvier. Hulle besweer die dood en verraai Huger in die dier waardeur hy geobsedeer was, maar hulle gee ook erkenning aan sy magtigheid en aan die onsterflikheid van die idee waarvoor hy staan.

Die simboliek wat hier opvallend is, is tweeledig van aard. Eerstens is dit dat die lewe triomfeer oor die dood en ook dat Afrika steeds sal lewe: dat die krag in Afrika onvernietigbaar is. Huger se obsessie het hom vernietig, maar kon nie vir lAsa en die verteller vernietig nie - hulle lewe gaan voort. Die olifant bevestig die lewe wat sal voortgaan na Huger se dood. Hierdie gebeure in die karkas gee aanleiding tot die rede waaroor Huger selfmoord pleeg. Die verteller ervaar die oomblik:

> Oomblikke lank verbeel ek my dat die olifant weer asemhaal, weer roer, weer opstaan om te loop (242).

Die verteller weet dat Huger besig is om die stryd te verloor as hy nie die tande saam met hom kan neem nie,

> maar toe hy op lAsa begin skree elke keer as sy struikel [...] besef ek dat hy nie meer by sy sinne is nie (244).

Maxamesi speel sy laaste troefkaart as Huger selfmoord pleeg nadat hy die verteller en lAsa in mekaar se arms betrap:

> Dit is die olifant wat vergeld het. Vroeër of later sal hy ons inhaal. (249)

Huger se selfmoord is deel van die olifant se wraak teen Huger. Omdat Huger die wapen dra tydens die jagtog en verantwoordelik is vir Maxamesi se uiteindelike dood, neem die olifant berekenend wraak op Huger. Nie net verloor Huger sy sinne as hy nie die tande kan loskry nie, maar as hy besef dat hy ook vir lAsa verloor het, pleeg hy selfmoord.

### 4.8.2.5 MAXAMESI EN DIE BOESMANS

Die Boesmans se mag is hoofsaaklik gesetel in die natuur se mitiese en magiese magte en kragte. Volgens die mondelinge oorlewering van hulle kulturele volksverhale, mites en legendes glo hulle dat die diere waarmee hulle daagliks saamleef oor die grootste mag beskik. In die Boesmans se mondelinge tradisie is hierdie verhale nie net vertellings met 'n didaktiese funksie nie, maar "ofskoon die diere gewoonlik enkele kenmerkende eienskappe behou, word die juiste maat in hul vermensliking selde getref, en verrig hul dade wat alte spesifiek menslik is" (Van Vuuren, 1995:29). Dit is in hierdie verhale wat magsposisies geïllustreer word soos die verhaal wat Slinger vertel oor die olifant wat slimmer as die ander diere is.

Vir die Boesmans is die olifante deel van die ruimte waarin hulle lewe. Vir dié Boesmans wat steeds ongestoord in die natuur bestaan, is die

olifante se teenwoordigheid beperk tot die toevallige kontak wat dan vir hulle 'n fisiese bedreiging is. Die gekompliseerdheid van die olifantjag waarmee die Westerlinge hulleself opsaal, het vir die Boesmans geen betekenis nie:

> "Verstaan jy dan nie hoeveel dit vir julle werd is nie?" vra ek hom direk.
> "Hy sê hoe minder olifante daar is, hoe beter vir die mense." (131)

Die Boesmans wat reeds in kontak was met die Westerlinge vir wie Boesmanland 'n onontginde bron van inkomste is, het reeds onder die invloed van die Weste se materiële sienings gekom. Slinger, wat deur sy betrokkenheid by die oorlog bewus geraak het van die waarde van ivoor, het 'n verwronge begrip van die waarde daarvan. Vir hom is die verleidelike invloed wat die teenwoordigheid van die Westerlinge gebring het, van meer belang:

> "Ek verkoop die tande vir honderd rand aan die Herero's en suip alles uit!" (97)

Mag is vir Slinger geleë in die beskikbaarheid van geld. Met geld kan hy deel in die verleidinge wat saam met die Westerlinge na Afrika gekom het.

Slinger, wat as gevolg van sy oergene en -instinkte, as spoorsnyer optree vir die olifantjagters, lei die jagters op Maxamesi se spoor dieper in Afrika in. Vir hom is die spoor wat die olifant agterlaat maklik om te volg. Vir Maxamesi is Slinger ook 'n jagter wat hom agtervolg en hy neem daarom ook wraak op Slinger, wat die jagters tot by hom lei.

Die mag waaroor Maxamesi beskik, laat Slinger se sintuie met die oomblik van afrekening onbewaak en in die ruimte wat misterieus en onwerklik word, neem die olifant wraak:

> Hierna gaan soek ons vorentoe in die bospaadjie na Slinger. Ons kry hom half oor 'n tak gegooi. Dit is nie mooi om te sien nie: sy binnegoed in borrels blou, geel en rooi slym by sy maag uitgedruk, sy gesig onherkenbaar papgetrap, 'n breë kloof in die middel daarvan. (224)

Slinger vorm deel van Afrika se magstruktuur. In Afrika se onherbergsaamheid en vanweë die ondeurdringbaarheid van die bosse van Afrika, is hy die een wat kan spoorsny in hierdie oerwoud wat vir die Westerling ontoeganklik is. Slinger kan as gevolg van sy oergene en instinkte in hierdie bos spoorsny en die jagters lei op die spoor van die olifant wat hulle agtervolg. In hierdie bykans bomenslike gawe waaroor hy beskik, lê Slinger se krag. Na Slinger se dood is die Westerlinge uitgelewer aan die "donkerte" van Afrika. Hulle weet dat hy die enigste een was wat hulle sou kon terugbring na die olifanttande toe.

#### 4.8.2.6 IASA EN MAG

lAsa en Maxamesi is vroeër reeds geïdentifiseer as die hoofkarakters in die verhaal. Dit is opmerklik dat nie een van hulle by magte is om in taal hulle bydrae te lewer tot die verhaal nie, maar dat hulle deur die skrywer as twee karakters geskep is wat die hele verhaal dra en om wie die hoofmomente van die verhaal draai.

lAsa se mag is hoofsaaklik daarin geleë dat sy ten spyte van haar primitiewe agtergrond bewus is van haar mag en krag as vrou. Sy is

deeglik daarvan bewus dat sy oor 'n onbevestigde status beskik omdat sy 'n wit man het wat aan haar aansien verleen in die Boesmangemeenskap.

As die verteller die eerste keer by die olifantjagter kom, ignoreer lAsa hom doelbewus om so subtiel sy aandag op haar te vestig. So bevind sy haar in 'n magsituasie as die verteller intens bewus raak van haar teenwoordigheid. Sonder om gebruik te maak van verbale kommunikasie, manipuleer lAsa die twee wit mans. Haar verhouding met Huger, en later die verteller, is besonder interessant. Hulle kan nie mekaar se tale praat nie, maar dit wat albei die mans by haar leer, het nie talige kommunikasie nodig nie en kan nie in taal vasgevang word nie. Huger sê:

> "Ek het in twee jaar saam met haar meer geleer as in veertien jaar skool in Duitsland." (32)

lAsa sorg dat sy deur haar fyn spel as vrou en haar listige manipulasie 'n houvas op die verteller verkry deurdat sy 'n objek van begeerte vir hom word. Die verteller raak reddeloos verlief op lAsa, al behoort sy aan Huger, en beland so in haar mag. lAsa laat haar mag geld deur middel van lyftaal en gebare, al kan sy nie verbaal met die twee mans kommunikeer nie. Sy is nie 'n willose dienaar van die mans nie, maar besluit self watter een sy wil hê en behoort so uit eie keuse aan 'n man. lAsa is 'n element in die oer-magstryd waarin mans teen mekaar meeding.

Elke keer as die verteller kontak met lAsa het, is dit haar liggaam wat

hy raaksien en wat hom aantrek. As gevolg van sy eensaamheid en afgesonderdheid is hy ontvanklik vir haar fyn spel wat sy met lyftaal speel. Reeds met die eerste ontmoeting sien hy haar dun rokkie raak wat

> [...] teen haar bene opgeskuif is. 'n Gedeelte van haar bors steek by die armholte van die rok uit. (11)

Later maak sy opsetlik met hom oogkontak met haar "blink oë as sy koffie by hom neem. As die verteller haar later in die winkel sien, sien hy haar "hoë boudjies steek rond" uit en hy sien haar broekie raak.

Sonder dat hy daarvan bewus is, beland die verteller in lAsa se mag. In tye van intense alleenheid en verlange,

> [d]an pak ek die bakkie en ry ek na Huger toe, en lAsa. (45)
> [...] verlang ek na die skraal Duitser en na sy Boesmanvrou
> [...] lAsa se groot oë. (61)

Die verteller erken later aan Huger: "Jy het 'n mooi vrou," (108). As lAsa saam met haar vriendinne om die vuur dans, verlustig die verteller hom onbeskaamd in haar liggaam:

> [...] die skaduwees laat haar regop borsies ekstra styf lyk. Sy trek haar rug hol en laat haar boude ver na agter uitsteek terwyl sy hulle kordaat wikkel. Klein koket! (126)

Saam met llUce gee lAsa se teenwoordigheid sin aan die jagtog:

> Albei die vrouens raak elke dag vir my al mooier, hoe langer ons saam alleen is, hoe meer die sweet in hulle armholtes koek, die stof op hulle lywe pak, die son en wind oor hulle velle speel. (189)

Die verteller raak meer intense bewus van lAsa:

> Die glinstering in haar oë hou my gevange. (190)
> Sy bly lag vir my, [...] Die lag sluit spot, deernis en 'n uitnodiging in. (194)
> Ek verbaas my elke aand oor hoe vars sy steeds lyk, asof die tog nie eers aan haar raak nie. (209)

Na die olifant se dood is dit asof die olifant sy mag met groter aanslag deur lAsa laat werk. Die verteller raak meer vasgevang in lAsa se web:

> Sy is selfs mooier as wat ek haar onthou, 'n herinnering aan menslike skoonheid in 'n verontmenslikte situasie. (227)

Nadat lAsa met 'n openlike aanslag op die verteller begin, is dit asof hy haar magteloos volg:

> Sy is nie net meer lAsa, Huger se houvrou nie, sy is die een wat ek liefgekry het. En sy het my terug lief. Ek vra nie vrae daaroor nie, al sou ek met haar kon praat. (237)

Die waan waarin hy verkeer laat hom alle perspektief verloor:

> Ek begin selfs glo dat ons woordeloos kan kommunikeer, dinge kan sê wat vir Huger bedek bly. (237)

Hoe nader die verteller en lAsa aan mekaar beweeg, hoe meer verloor die verteller tred met die werklikheid:

> Onbewustelik glo ons seker dat hy lankal reeds van ons weet en stilswygend sy toestemming aan ons verleen om in mekaar se arms te wees. (248)

Soms is die verteller magteloos verwonderd:

> Ek het nie meer 'n gewete nie. (239)

Dit is hierdie sameloop van omstandighede wat die oorsaak is dat die verteller dubbele standaarde handhaaf. Die verteller verloor kontak met die realiteit as Maxamesi sy mag oor hom verstewig sodat hy sy houvas op sy waardesisteem verloor. In hierdie verband kan weer verwys word na Hofstede se ui-diagram (hoofstuk 3, figuur 3) wat daarop dui dat die vlakke van die mens se kultuur afgeskil word tot by die kern waarin die persoonlike waardes lê. Weens die stroping van hulle menswees waardeur die jagters tydens die jagtog gegaan het, het daar niks van die uiterlike tekens van hulle kultuur oorgebly nie. Dit is slegs die waardekern wat nog oor is en reeds blootgelê is. Onder die druk om te kan oorleef in die situasie waarin die verteller verkeer, is dit nie vreemd as hy deur sy waardesisteem breek en na lAsa uitreik nie, sodat hy saam met haar kan oorleef in die bosse.

Dit is duidelik dat hierdie proses van aflegging van die verteller se waardesisteem as Westerling deur Maxamesi dikteer word. Die verteller is die een wat die jagtog geïnisieer het en van die begin af geweet het dat sy motiewe met die olifantjag nie heeltemal eerbaar was nie. Dit is ook moontlik dat Maxamesi hom teen die verteller rig as gevolg van sy rassistiese agtergrond, sodat hy hom bewus kan maak van die mens se nietigheid in die natuur. Dit laat by die leser die vraag ontstaan of die skryf van hierdie boek dalk die rede is hoekom die olifant nie die verteller doodmaak nie.

Na Huger se dood is dit asof Maxamesi se mag uitgewoed is. Terselfdertyd begin lAsa die mag wat sy oor die verteller het, verloor. Die verteller begin weer sy perspektief op die omstandighede herwin:

> Ons het tog gewetes, lyk dit my. (249)
> [...] 'n dowwe gevoel van vrees oor waar ek, ná al hierdie verbete gestap kruis en dwars oor die veld, eintlik van hier af heen op pad is. (251)

!Asa begin haar aantrekkingskrag vir die verteller verloor:

> !Asa lyk moeg en haar lippe is so dik dat sy glad nie meer mooi is nie. Sy irriteer my meteens. (252)

!Asa se mag is egter nie net beperk tot haar vroulikheid nie, maar lê ook in haar oerinstinkte wat haar laat oorleef in die veld. Na Huger se dood is die verteller heeltemal uitgelewer aan !Asa se kennis van die veld en haar kennis van hoe om te oorleef. As die verteller verdwaal, help !Asa hom om nie van dors om te kom nie deur in sy mond te urineer en hom na die water toe te lei en kos te gee. Tydens die verteller se trans-ervaring is hy liggaamlik te uitgeput om kos of water te soek en as hy moed opgee, behou !Asa haar lewensdrang en wilskrag en sien sy om na sy fisiese versorging. !Asa as vrou staan die verteller by met die soektog na sy verlore self wat in beproewing te vinde is.

!Asa is 'n verlengstuk van Maxamesi se oermag waarmee hy Huger na vernietiging geneem het. Onwetend is sy die werktuig waarmee die olifant wil wraak neem op Huger, wat 'n obsessie het om hierdie laaste honderdponder te jag. !Asa versorg die jagters op die jagtog sodat hulle Maxamesi se spoor kan volg tot waar hy hulle wil hê.

Net soos Maxamesi is !Asa ook onvoorspelbaar, vernietigend en tog lewegewend. !Asa verlei die verteller en kry hom in haar mag sodat

Huger, wat die simbool van die Westerse beskawing is, kan selfmoord pleeg. Tydens die verteller se trans-ervaring versorg lAsa hom en hou hom aan die lewe. Op instink van haar oergene neem lAsa die inisiatief en lei die verteller terug na die beskawing toe:

> Ek begin ook leer om op haar oordeel te vertrou. (272)
> Dit was lAsa wat ons laat wegswaai het in die rigting van die Cuando. Ek het eers baie lank daarna besef dat dit die enigste manier was om deur te kom, dat dit my dood sou beteken het as ek sou wou terug na die Kavango toe. (271)

Wanneer die verteller en lAsa in Katima aankom besef die verteller dat lAsa hom teruggelei het na die beskawing toe:

> Ek gaan staan, druk lAsa vas en soen haar op die mond. Sy draai haar uit my arms uit en lag. Ek is soveel aan haar verskuldig. Sonder haar sou ek dit nooit gemaak het nie. (274)
> Die volgende oggend keer lAsa, haar bolyf bruin in die son, vir ons 'n vragmotor voor (275).

lAsa se mag kom tot volle sterkte kom in haar omgewing, waarin sy grootgeword het en lewe. Sy ken die veldkos, haar oergene lei haar in die regte rigting soos wat die jagter gekom het, sy ken die veld, sy kan die elemente lees en weet hoe om te oorleef. Dat sy die mag wat in haar vroulikheid gesetel is in haar eie ruimte laat geld, ongeag of die mans Westerlinge is, is te verstane, maar as sy en die verteller op pad is Grootfontein toe, is dit duidelik dat lAsa se mag as vrou universeel is en nie net beperk is tot haar primitiewe lewe in Afrika nie.

### 4.8.2.7 DIE LITERATUUR AS DEEL VAN 'N MAGSTRUKTUUR

Die vraag ontstaan of die letterkunde enige daadwerklike bydrae kan lewer om op die eietydse problematiek te fokus. Indien dit wel 'n bydrae kan lewer, sou dit by magte wees om bestaande idees te kan

omvorm? Die vraag is derhalwe oor watter mag literêre tekste beskik? Om hieroor uitsluitsel te kry, is dit noodsaaklik om kortliks kennis te neem van die teorië van sommige denkrigtings.

Die Franse teoretikus, Roland Barthes, was van mening dat die stryd om mag in die samelewing die literatuur van daardie samelewing bepaal sodat die literatuur deel word van die magstryd.

> We learned that power is an ideological object, teaching [...] even the forces of liberation themselves. Power is plural, we discovered [...] Make a revolution to destroy it, power will spring up again, And the reason why power is invincible is that the object in which it is carried for all human eternity is language: the language that we speak and write. (Van der Merwe & Viljoen, 1998:161.)

Michel Foucault deel Barthes se idee dat daar 'n stryd om mag in die samelewing is. Vir Foucault word die "diskoers" in die samelewing, wat beskou kan word as die "gesprek" van die samelewing, bepaal deur die kodes van die samelewing. Hierdie kodes "bepaal waaroor gepraat en geskryf mag word, wat daaroor gesê mag word, wat waar en onwaar of reg en verkeerd is" (Van der Merwe & Viljoen, 1998:177). Hierdie kennis van die kodes van 'n kultuur is gewoonlik gesetel in 'n "argief" wat hoofsaaklik tot die onbewuste behoort en dit vorm die reëls van die samelewing.

Vir Foucault is hierdie onbewuste kultuur dinamies en dit word bepaal deur die begeerte na mag. Foucault (1992:1136-7) is van mening dat hierdie magsug in 'n samelewing onontkombaar is en dat niks tot stand kom sonder mag nie. Tog beweer hy dat mag 'n dubbele effek het. Nie net wek die uitoefening daarvan teenstand nie, maar dit lei tot 'n

stryd wat 'n bevryding uit verstardheid kan meebring. Dit kan daarom gesê word dat "[i]t constrains both those at the top and those at the bottom in frozen gestures of domination and submissing" (Van der Merwe & Viljoen, 1998:177).

Foucault se teorie sentreer om die vraag: "Posing for discourse the question of power means basically to ask whom does discourse serve?" (Foucault, 1992:1137.) Omdat die diskoers deursigtig is, is dit duidelik dat die heersende diskoers geskryf word uit skuld en dit is in hierdie "skuldgevoel" wat gebou is om die waarheid, waarin die skrywer se mag lê.

> What makes power hold good, what makes it accepted, is simply the fact that it doesn't only weigh on us as a force that says no, but that it traverses and produces things, it induces pleasure, forms knowledge, produces discourse. (Foucault, 1992:1139.)

Oor waarheid is Foucault van mening dat mag versprei word en dat selfs die waarheid bepaal word deur magsverhoudinge. "Truth then, is itself a product of relations of power and of the systems in which it flows, and it changes as systems change." (Foucault, 1992:1134.) Dit blyk hieruit dat die diskoers vir Foucault ook 'n sisteem is van die moontlikheid van kennis.

Volgens Ashcroft (1989:167) het taal die medium geword waardeur 'n hiërargiese struktuur van mag voortbestaan, en is taal die medium waardeur die begrippe waarheid, orde en realiteit tot stand gebring word.

> Truth is what counts as true within the system of rules for a particular discourse; power is that which annexes, determines, and verifies truth. Truth is never outside power, or deprived of power, the production of truth is a function of power, and, as Foucault says, "we cannot exercise power except through the production of truth" (Foucault, 1989:167).

Omdat taal die heraanbieding van die waarheid is, is die mag van taal daarin geleë dat woorde betekenis gee aan die realiteit. Die verbinding tussen taal en mag lê in die vermoë om die betekenis in kommunikasie te beheer.

As deel van die Nuwe Historisme propageer Stephen Greenblatt (Van der Merwe & Viljoen, 1998:161) sy idee dat literatuur bepaal word deur die kulturele kodes van die samelewing waarin die literatuur ontstaan het. Dit het 'n uitwerking op die persoonlikheid van die skrywer wat in sy werk 'n kritiese beskouing lewer oor die betrokke samelewing se bestaande gedragkodes en reëls.

Volgens Greenblatt (Van der Merwe & Viljoen, 1998:161) het die mens die vermoë om sy eie identiteit en selfbeeld te vorm in noue verband met die instansies van mag en gesag van die samelewing waarin hy verkeer. Hiermee sluit hy aan by die problematiese verhouding tussen die "koloniale ek" en die "gekoloniseerde ander".

### 4.8.2.8 *Die olifantjagters* AS MAGSTRUKTUUR

Die verteller in *Die olifantjagters* is die stem van die een wat die verhaal vertel. Hy is 'n karakter in die verhaal wat met die gebruik van die eerstepersoonsvorm sy weergawe van die gebeure vertel. Die verteller is egter nie die alwetende verteller wat al die karakters se gedagtes en gevoelens ken nie. As karakter in die verhaal beskik die

verteller oënskynlik oor geen mag nie en het hy geen persoonlikheid nie. Hy ontvang sy persoonlikheid vanaf Huger en lAsa namate hy nader aan hulle beweeg. Dit is opmerklik dat die verteller hom deurgaans met 'n enigmatiese vakuum omhul sodat die leser nie regtig tot hom kan deurdring nie.

Die verhaal eindig met:

> Ek het vandag nog oor om te besluit of ek vir lAsa in Grootfontein 'n geleentheid sal vra terug na haar Boesmanland toe, of ek van daar af alleen verder sal gaan. (275)

Die betekenis van die gebeure in die verhaal bly dus 'n ope vraag. Daar is geen finale besluit oor die dooies wat die jagters se pad besaai by enige een te bespeur nie. Al wat duidelik is, is dat die uurglas uitloop en dat daar nuwe besluite geneem sal word. Hierdie oop einde van die verhaal en die onsekerheid waarmee die verhaal afgesluit word, sluit aan by die enigmatiese ruimte wat die verteller deurgaans omhul het. Hy kan steeds nie vasgepen word nie.

In die verhaal sê die verteller:

> Ek neem my voor dat, kom wat wil, ek ook nog 'n boek oor hom sal skryf [...] (58)

Van al die voornemens en beloftes in die verhaal, is die skryf van die verhaal al wat gerealiseer het. Die skryf van hierdie verhaal was die enigste manier waarop die verteller die mag waaroor hy beskik, kon uitoefen.

In sy verhouding met die olifant word die verteller oorheers. Gedurende die verhaal gebruik hy egter die geleenthede wat na sy kant toe kom om te kan oorleef en hanteer dinge geheel en al op sy Westerse manier. So vorm die verteller die brug tussen die Westerse wêreld en die wêreld van Afrika. Deur hierdie verhaal beklemtoon die skrywer die verdwyning van Afrika, terwyl hy terselfdertyd die kontinent vaslê in die verhaal wat bly voortbestaan in die Westerse wêreld. Dit is ironies dat die rampspoedige verloop van sake in Afrika deur Westerse inmenging veroorsaak word, maar ook deur dieselfde Westerse kultuur teëgewerk en onder die aandag gebring word. Skryf en die Westerse roman as magstrukture is dus tegelyk teenstanders en helpers ten opsigte van die problematiek van Afrika.

Volgens Foucault (1992:1136) is daar 'n skuldgevoel om die waarheid in sommige literêre werke gebou, waarin die skrywer se mag ook lê. Die kwessies wat word in *Die olifantjagters* behoort elkeen wat die verhaal lees, te laat skuldig voel. Nie net is die Westerling besig om die harmonieuse saambestaan met die natuur van die Boesmans te ontwrig nie, maar die totale neerslag van die koloniale invloede moet bevraagteken word. Die etiek van die alternatiewe progressiewe kwessies ten opsigte van die ekologie wat ingebed is in die toegang tot mag en hulpbronne in die samelewing, moet ook bevraagteken word.

Deur die skryf van hierdie verhaal het die skrywer van die geleentheid gebruik gemaak om bepaalde standpunte te kan verkondig. Die roman beskik oor die mag om mense te beïnvloed en om bestaande menings te verander en nuwe menings te vorm. Foucault (1992:1137)

beskou die uitgewers as 'n verdere magstruktuur, deurdat die keuse by hulle berus om die verhaal te publiseer en die samelewing te laat kennis neem van bepaalde standpunte, of die verhaal weg te wys. Nog 'n verdere magstruktuur is die keurders wat besluit het om aan *Die olifantjagters* die 1998 M-Net prys vir letterkunde toe te ken, asook die resensente wat deur resensies in die media erkenning aan die boek gee.

Dit blyk ook duidelik dat die literatuur-ekologiese benadering tot tekste veel meer behels as sake soos natuurbeskrywings, natuurverhale en natuurpoësie. Ekologies betrokke literatuur word gebruik met verwysing na die teks se vermoë om 'n doel te bereik deur 'n proses van verandering te bewerkstellig, soos wat inderdaad hier gebeur.

**4.9 SAMEVATTING**

In die voorafgaande bespreking is aangedui dat die begrip kolonialisme 'n algemene verskynsel is wat deel gevorm het van historiese ontwikkeling. Tydens kolonialisasie is daar voortdurend kultuuroordrag en -verandering, en daarom is dit onvermydelik dat geen gemeenskap ooit dieselfde is nadat kolonialisasie plaasgevind het nie.

Die begrip *postkolonialisme* is moeilik omskryfbaar omdat daar verskillende benaderingswyses tot hierdie begrip bestaan. Hierdie begrip kan vereenvoudig word deur te sê dat dit volg op die kolonialisme, wat dui op die opvolging of vervanging van die kolonialisme. Wat egter duidelik is, is dat postkolonialisme die resultaat is van kolonialisme wat plaaslike uniekhede uitwis as gevolg

van koloniale idees en invloede.

In die ekosentriese wêreldbeskouing word postkolonialisme sentraal geag in die "deep ecology" met sy gelykmakende obsessie om alle vorme van kolonialisering te ondermyn (Meintjes, 1998). Volgens Meintjes word in die verband van omgewingsbewustheid die postkolonialiteit onlosmaaklik verweef tot kolonisering en dominasie.

Omdat kolonialisme oor die algemeen beskou word as die beheer van een groep oor 'n ander, sal kolonialisme noodwendig die vestiging van nuwe mag meebring. Hierdie nuwe koloniale magsvestiging is soms die oorsaak van spanning en konflikte onder die gekoloniseerdes. Die vestiging van mag is nie net op politieke gebied nie, maar ook op kulturele en ekonomiese gebied.

In *Die olifantjagters* figureer mag in verskillende vorms en speel dit 'n belangrike rol. As gevolg van die kolonialisme in Boesmanland is daar magstrukture wat uitkring tot individue wat verteenwoordigend is van hierdie magstrukture asook wat aanspraak maak op persoonlike mag.

Die Westerlinge in *Die olifantjagters* wat die draers is van die koloniale invloede, word onderwerp aan die mag van Afrika, wat gesimboliseer word deur Maxamesi wat weerstand bied teen die Westerlinge wat Afrika wil koloniseer en indring. Die mag waaroor Maxamesi beskik, beïnvloed al die karakters in die verhaal. Wanneer die olifant sterf, is sy dood simbolies van die verdwyning van Afrika, maar hy skep die ruimte vir die verteller en lAsa se lewegewende daad wat simbolies

daarop dui dat Afrika nie sal sterf nie.

Huger, wat die geweer dra tydens die jagtog, word die simbool van die mens wat Afrika onnadenkend wil binnedring en sy wil daar wil kom afdwing. Hierteenoor staan die Boesmans wie se mag geleë is in hulle daagliks saamleef met, en kennis van die natuur. Slinger lei die jagters deur sy gene en instinkte agter die olifant aan. Na sy dood besef die jagters dat hulle nie oor die vermoë beskik om hulle pad terug te kry nie en dit is lAsa wat die verteller teruglei na die beskawing toe.

lAsa se mag is geleë in haar vroulikheid waarmee sy die Westerse mans manipuleer en sodoende haar sin kry. Tydens die jagtog is lAsa die stukrag van die jagters en ten spyte van haar primitiewe herkoms dra sy 'n deel van die beskawing op haar rug in Afrika in. As die verteller en lAsa terug is in die beskawing, maak die verteller weer aanspraak op sy superioriteit as hy moet besluit oor lAsa se toekoms.

In die verhaal beskik die verteller oor geen mag nie. Sy mag is geleë in die skryf van *Die olifantjagters.* As verteller besluit hy wát hy wil weergee. As verteller-skrywer gebruik Piet van Rooyen sy mag om op omgewingskwessies te fokus.

# HOOFSTUK 5

# SAMEVATTING

## 5.1 INLEIDING

Hierdie studie het gegroei uit my fassinasie met omgewingskwessies, omgewingsbetrokkenheid en my liefde vir die natuur. Aardebewustheid en ekologiese kwessies het deel van ons bestaan geword en daarmee saam die angs en onsekerheid oor wat van die wêreld gaan word.

Die doel van hierdie navorsing was om te kyk wat 'n interpretasie van die roman *Die olifantjagters* van Piet van Rooyen oplewer met betrekking tot aktuele kwessies soos die ekologie, kolonialisme en postkolonialisme, identiteit en mag in die veranderde politieke en sosiale landskap van Afrika.

Die ekologiese problematiek wat ter sprake is in hierdie roman vloei logies oor na die politieke implikasies van koloniale reste en postkoloniale reaksies. Dit is dus onvermydelik dat hierdie kwessies sal uitloop op die identiteitsproblematiek en die magsverhoudinge wat die gevolg is van kolonialisme.

## 5.2 RUIMTE EN EKOLOGIE

Omdat ruimte 'n veelfasettige begrip is, is die teoretiese sieninge van die narratologiese kategorie *ruimte* verreken en in verband gebring

met die tematiese ontginning van ekologiese kwessies in die roman. Die analise van die ruimtelike aspekte van die roman het getoon dat die roman veel meer omvat as 'n blote optekening en verwoording van kwessies van omgewingsbewaring en omgewingsbetrokkenheid. Dit gaan inderdaad om mense se diepgaande betrokkenheid by die natuur en die interaksie tussen mens en omgewing. Uiteindelik gaan dit ook om die estetiese verwerking van die omgewingsproblematiek tot 'n roman.

Die intensiteit van die belewenis van Afrika as ruimte in *Die olifantjagters* is prominent in die roman. Die andersheid van die Afrika-ruimte beklemtoon die verskil tussen die Westerlinge, wat met hulle vooropgestelde idees na Afrika toe kom, en die Boesmans wat daagliks blootgestel is aan Afrika se ongenaakbaarheid. Afrika as vasteland blyk 'n ruimte te wees wat konfrontasie, konflik en tragedie afdwing.

Die uitbeelding van die Afrika-ruimte in die verhaal beklemtoon die Westerlinge se nietigheid en onvanpaste teenwoordigheid in kontras met die Boesmans se afhanklikheid en kennis van die natuur. Dit is opvallend dat die Boesmans, wat volgens Westerse standaarde geen sin vir natuurbewaring het nie, die beste aangepas is om te kan oorleef in die natuur. Ten spyte van die Westerling se vernuf en kennis van die natuur, is daar omstandighede waarin hy hom nie kan laat geld in die bos nie.

Die Afrika-ruimte in die verhaal word funksioneel aangewend om die gevolge van die problematiek van kolonialisasie, die verlies van identiteit asook die misplaaste goeie bedoelinge en lojaliteit teenoor die ekologie aan te spreek. In die verhaal is daar 'n bewussyn van Afrika as lewensbron. Ten spyte daarvan dat die beskrywings van die natuur die mens se nietigheid beklemtoon, word die mens se gebondenheid en afhanklikheid van die natuur beklemtoon.

## 5.3 IDENTITEIT

Afrika word in hierdie roman die ruimte waarin 'n mens nog die geleentheid het om jouself te leer ken en jouself weer te vind. Teen die agtergrond van die groot ongerepte Afrika-ruimte ervaar die karakters groot krissise in identiteitsbelewenis as gevolg van die multikulturele invloede.

Die weerloosheid van die mens word in kontras geplaas met die gevaarlike ruimte van Afrika. Konflikte is ter sprake in *Die olifantjagters* vanweë die vreemde koloniale en postkoloniale invloede, die onkunde tussen die verskillende kultuurgroepe asook die weerloosheid van die mens teen die magte van die natuur. Die mens se identiteit kom telkemale in gedrang en die karakters beleef in die verhaal die verwarring en soeke wat gepaardgaan met die proses van identiteitsvorming..

Die ekologiese probleme wat prominent figureer in die verhaal, speel 'n belangrike rol in die innerlike reis van die verteller. Die onherberg-saamheid en ongenaakbaarheid van die omgewing is essensieel vir die

verteller se groei tot selfkennis en vir die stropingsproses wat hy ondergaan. Sodoende word sy identiteit deels herbevestig en deels getransformeer.

In *Die olifantjagters* is daar by die verskeidenheid kulture wat teenwoordig is in Boesmanland, 'n groeiende bewuswording van 'n strewe na eie identiteit. Daar heers 'n kulturele konflik tussen die Afrikane en die verteenwoordigers van die Westerse kultuur. Hierdie konflik verskerp die bewussyn van 'n Afrika-identiteit by die Boesmans in opposisie tot die koloniale en ook die postkoloniale invloede.

## 5.4 KOLONIALISME, POSTKOLONIALISME EN MAG

Die problematiek wat in *Die olifantjagters* aan die orde gestel word, is in 'n groot mate die gevolg en voortsetting van kolonialisme. Die reaksie teen die koloniale teenwoordigheid en die gevolge van die kolonialisme lei tot die kulturele en ekologiese probleme wat in *Die olifantjagters* ter sprake is. Die koloniale aannames van die meerderwaardige beskawing van die koloniale magshebbers en die vermeende hoë morele standaarde van die bewindhebbers word bevraagteken. As gevolg van die gekoloniseerdes se onderliggende drang om bevryding van die invloed van die kolonialisme, ontstaan probleme en vraagstukke wat opgelos moet word.

Die kennismaking met die beskawing, wat op hulle afgedwing is, het die Boesmans se lewe verander. Inherent wil die Boesmans steeds, as gevolg van oorgeërfde gene en kultuur, Boesmans bly. Dit is te betwyfel

of die koms van die koloniale en postkoloniale invloede ten goede is. Daar is duidelik verwarring by die Boesmans te bespeur. Hulle word gefassineer en verlei deur die Westerse invloede, maar hulle is steeds onlosmaaklik gebonde aan die natuur waarin hulle wil en kan voortbestaan.

Die konsep *mag*, figureer prominent in *Die olifantjagters* en speel 'n rol in al die probleme met betrekking tot die ekologie, postkolonialisme en die mens se identiteit as individu en as lid van 'n groep. In die verhouding tussen die karakters en die natuur lei die voorafgaande sowel as nuwe magstrukture tot positiewe en negatiewe gevolge.

Die magte wat teenwoordig is in die verhaal, is onlosmaaklik deel van mekaar. Dit is ironies dat hierdie magte sowel opbouend as afbrekend werk. Die kolonialisme, wat die vestiging van ekonomiese, kulturele en ekonomiese mag insluit, het 'n nuwe sosiale orde in Boesmanland meegebring. Die Stigting stel as deel van die postkoloniale regstelling 'n magstruktuur aan bo die bestaande stelsels van die Boesmans en ontketen so nuwe konflikte en ontevredenheid.

Omdat die ekologie onlosmaaklik deel is van die mens se leefwêreld, word die mens se gebondenheid aan en afhanklikheid van die natuur outomaties beïnvloed deur nuwe magsvestiging. Die ekologiese probleme wat in *Die olifantjagters* aan die bod kom, is hoofsaaklik die stryd teen die magte wat daarvoor verantwoordelik is dat die natuur misbruik word. Hierteenoor staan die mag en kragte van die natuur soos uitgebeeld word deur die olifant. Maxamesi versinnebeeld nie net

die woede teen die uitbuiting van die natuur nie, maar ook teen die onnadenkende binnedring en hervorming van Afrika.

## 5.5 GEVOLGTREKKINGS

In *Die olifantjagters* word die begrippe kolonialisme, postkolonialisme, ekologie en identiteit in die Afrika-ruimte bymekaargebring. Die verhaal gee nie net besondere insigte in tersaaklike probleme nie, maar lewer sekere uitsprake ten opsigte van die betrokke kwessies.

Aardebewustheid en omgewingskwessies het deel van ons bestaan geword en daarmee saam die angs en onsekerheid oor wat van die wêreld gaan word. Die toenemende kweekhuiseffek, die vernietiging en verdwyning van die osoonlaag, die bevolkingsontploffing en die bekamping van die uitroeiing van dier- en plantspesies behoort 'n alternatiewe progressiewe perspektief teweeg te bring. Omdat omgewingskwessies verband hou met die toegang tot mag en hulpbronne in die samelewing, is dit noodsaaklik om die belangrikheid te beklemtoon van die stryd teen die sosiale onregverdigheid en die stryd teen die misbruik van die omgewing.

Voor in *Die olifantjagters* word die volgende motto gegee: "The frontier is a zone of death, an area of unpredictability. Nothing can be taken for granted. People and even symbols find their ambiguity amplified with the attributions of animalesque powers." (Robert J. Gordon - *The Bushman Myth.)* Die Westerlinge kom na die jagveld met geromantiseerde vooropgestelde idees, sonder die nodige kennis, sonder dat hulle weet dat die jagveld 'n rimpeleffek het, dat dit 'n

"zone of death" is. In *Die olifantjagters* word die effek van die Westerlinge se egosentriese beskouing blootgelê. Die meerderwaardige houding van die koloniale maghebbers gee aanleiding tot die ekologiese problematiek wat logies voortvloei uit die koloniale uitbuiting.

Die belangrikheid van natuurbewaring kom ter sprake as daar na aanleiding van die roman gevra word of die Westerlinge daartoe in staat is om te kan onderskei tussen bewaring, benutting en uitbuiting. En as daar bewaar en benut word, is dit in belang van die natuur en dié wat na aan die natuur leef?

Miskien is die verteller in die roman reg as hy sê: "Uiteindelik is dit juis die moderne mens, met al sy beskouinge oor sy verantwoordelikheid ten opsigte van goed en kwaad, wat die natuur finaal aan die vernietig is, terwyl die Boesmans, wat hulle nie aan die moraliteit daarvan steur nie, daarin aan die voortleef is." (134.)

Hierdie ekologiese problematiek gee aanleiding tot identiteitsprobleme en verwarring, soos wat duidelik na vore kom in *Die olifantjagters.* As gevolg van die invloed van kolonialisme verkeer die gekoloniseerdes in 'n inherent mindere posisie, wat verwarrend is, en is hulle onseker oor 'n eie identiteit. Die vraag wat in die roman op die voorgrond tree, is hoe lank dit nog sal wees voor die Boesmans opgeslurp word in die draaikolk van die Westerse beskawing.

Die analise en interpretasie wat in hierdie studie gedoen is, fokus op

bepaalde aspekte van die roman. Daar is egter verskeie ander sake en temas wat verder ontgin kan word. Daar is byvoorbeeld intertekstuele verbande wat opgevolg kan word, veral met romans soos *Heart of Darkness* (Joseph Conrad:1902) en Moby Dick (Herman Melville:1851). *Die olifantjagters* kan beskou word as 'n Suider-Afrikaanse variant van hierdie twee romans na aanleiding van temas soos die kragmeting met die natuur, die mens in 'n obsessionele verhouding met 'n magtige teenstander, en die ontnugterende konfrontasie met die self. In hierdie romans is die reismotief telkens prominent en die karakters word in die ongerepte natuur as mens gestroop.

Ander onontginde aspekte, wat ook vergelykende studies sou kon insluit, het te make met temas soos godsdiens, simboliek, mitologie, antropologie en die erotiek. In hierdie studie is nie daaraan aandag gegee nie omdat die studie te omvattend sou word en elke tema 'n studie op sigself sou regverdig.

Die roman *Die olifantjagters* maak 'n sterk stelling ten opsigte van die ekologiese kwessies waarmee die twintigste-eeuse mens mee te kampe het. Dit is duidelik dat die behoud van die aarde van die mens afhang. Soos reeds aangetoon, speel die literatuur 'n rol in die magstryd wat in die samelewing heers. Die bewerking van die omgewing is nie gebonde aan 'n enkele vakgebied of grens nie, en dit lyk inderdaad of die literatuur 'n daadwerklike bydrae kan lewer om die aarde en die omgewing te help red.

Prof. Elize Botha het op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (*Beeld*, 30 April 1999:7) die mag van die Afrikaanse letterkunde soos volg beklemtoon:

> In 'n samelewing waarin verandering, transformasie, die versit van bakens, die oorskryding van grense lei-motiewe is, sou 'n mens sekerlik kan verwag dat daar aanleiding genoeg is om die uitwerking daarvan in ons letterkunde te verwag.
> Ons snelveranderende, soms onvoorstelbaar anderswordende omgewing tas ons lewensbeskouing aan, roep ons op om opnuut rekenskap te gee, verantwoording te doen.

Die woordkunstenaar is by magte om dinge waar te neem en te beskryf. As aanklaer kan hy 'n bewustheid skep oor omgewingsprobleme en die leser met "nuwe oë" laat kyk na omgewingskwessies. Dit kan hy doen met behulp van en deur middel van woorde en verhale wat bly praat selfs lank nadat die skrywer nie meer daar is nie.